

# Wêreld van Môre

Want die aarde sal vol word met die kennis van die heerlijkheid van die Here soos die waters die seabodem oordek.

Vol. 17, No. 5

Vertalings uit 'n vroeër gepubliseerde Sep-Okt 2017 *Tomorrow's World*-tydskrif



'n Persoonlike boodskap van

Gerald E. Weston, Hoofredakteur

## “As die Here God is”

Die lewe is kort! Dit is baie korter as wat ons gedink het ná ons die eerste keer daarvan bewus geword het dat ons lewens eendag tot 'n einde sal kom. Jong verliefdes droom soms om te trou, kinders groot te maak en saam oud te word. Die realiteit van hierdie laaste fase is egter nie so romanties nie, aangesien die ouderdom 'n aantal probleme en werklikhede daarmee saambring. Een van hierdie werklikhede is dat **die lewe inderdaad kort is** en die tyd om iets te bereik, uitloop.

Ongelukkig het die meeste mense geen idee wat die doel van hulle bestaan is nie. Vir hulle bestaan die lewe net daaruit om soveel pret en plesier in te pas as wat moontlik is. Hulle dink of weet nie van enige doel aan die anderkant van die graf nie. Min mense vind werklik die konsep van die hemel opwindend. Om egter dit wat hulle geleer het, naamlik om **nie** hemel toe te gaan nie, te vermy, is die rede waarom baie daartoe gedryf word om hulle opwagting in hulle plek van aanbidding te maak. In werklikheid het hulle 'n “net ingeval” godsdiens, omdat min mense moeite doen om regtig vir 'n hiernamaals voor te berei! Die hier-en-nou geniet voorrang.

### Hunker op twee gedagtes

Wat van u? Leef u u lewe asof u werklik onsterflikheid nastreef? Op stuk van sake **is** die

hiernamaals 'n realiteit of dit **is nie**. Daar kan geen ander uitweg wees nie! Dus, wat beteken dit vir u? Leef u u lewe met die opstanding in gedagte of “beoefen” u godsdiens of gaan elke week vir 'n uur kerk toe, *net ingeval* daar 'n hiernamaals of oordeel van een of ander aard is?

Ek wil u iets vertel wat onlangs gebeur het. Ek het 'n vertoning van Mendelssohn se “Elia”, saam met 'n paar vriende bygewoon en het opgemerk dat 'n paar mense in die gehoor die notas op die program volg. Tensy hulle ore beter as myne was, sou hulle gesukkel het om die storie te volg. Charlotte, Noord-Carolina is in die hart van die Amerikaanse “Bybelgordel” en dit is moontlik dat baie mense ten minste redelik vertrouwd sou wees met die Bybelse verhaal, maar ek moes wonder: “Hoeveel van die mense verstaan dit werklik?” Blykbaar nie baie nie en hier is waarom ek so sê.

Wat het Elia presies bedoel toe hy gevra het: “Hoe lank hink julle op twee gedagtes? As die HERE God is, volg Hom na; en as Baäl dit is, volg hom na” (1 Konings 18:21). Was dit net 'n vraag vir daardie tyd? Iemand kan immers vra: “Wie aanbid Baäl vandag?”

Die *New Bible Commentary Revised* werp lig op hierdie vraag. “Dit lyk of dit letterlik beteken: 'Tot wanneer hunker julle tussen twee gedagtes?' Die sonde van die volk was nie in verwerping van

die aanbidding van Yahweh nie, maar omdat hulle probeer het om dit met die aanbidding van Baäl te kombineer. Sodanige samesmelting word altyd as ruimhartig beskou, terwyl die ander kleingeestig is. Yahweh (Here) van Israel maak egter geen voorsiening vir ander gode nie" (Guthrie, Motyer, eds., 1970, bl. 343).

Dit is onbetwisbaar dat vandag se belydende Christendom 'n samesmelting is – 'n vermenging van Bybelse en heidense gebruike. Die gekose dag vir aanbidding kom uit Mithraïsme, 'n vorm van son-aanbidding. Die datum wat gekies is om die geboorte van Christus te vier, is die verjaardag van Mithra, die "god" van daardie stelsel. Byna alle Kersversierings is van verskeie heidense gebruike "ontleen". Die naam "Easter [Paasfees]" kom van die heidense godin van lente en vrugbaarheid, *Ishtar* – 'n godin wat ook onder ander name bekend is, soos Astarte en Ashtoreth. Hasies en eiers is bekende vrugbaarheidsimbole en het absoluut niks met die kruisiging en opstanding te doen nie. (Om meer oor Kersfees en Paasfees te leer, vra u gratis eksemplare van die boekies aan: *Is Kersfees Christelik? asook Paasfees, die storie wat nie vertel is nie*).

### 'n Ander Evangelie?

In vandag se belydende Christendom word duidelike Bybelse opdragte verwerp. Die sewendedag Sabbat, een van

**Vervolg op bladsy 27**

## Inhoudsopgawe

### Voorblad

#### Persoonlik – "As die Here God is"

Gerald E. Weston se persoonlike rubriek

### Hoofartikel

#### Die Hervorming groei **3**

Soos die Hervorming ryper geword het, het leiers bykomend tot Luther verrys en die ware aard van hierdie nuwe lyn van "Christelikheid" duidelik na vore gekom in die skrywes van diegene wat dit geleidelik het.

#### Wat kom na die Derde Wêreldoorlog? **12**

Volgens Bybelprofesieë is dit baie duidelik dat daar moeilike tye voorlê maar maak dit net so duidelik dat daar 'n wonderlike wêreld van hoop en vreugde volg.

#### Waarom kinders die spoor byster raak **18**

Dit is noodsaaklik dat ons verstaan dat die foute wat ons as ouers soms maak 'n invloed kan hê op 'n manier wat ons moontlik nie voorsien het nie.

#### Dit is Londen wat roep: Karakter en die Hertog van Edenburgh-toekenning **21**

### Gereeld

#### Vrae en Antwoorde **23**

#### Keerpunte in wêreldgeskiedenis **24**

Besoek ons webwerf by:  
[www.wvm.co.za](http://www.wvm.co.za)  
of vir Engelse literatuur:  
[www.tomorrowworld.org](http://www.tomorrowworld.org)

## Wêreld van Môre

### Hoofredakteur

Gerald E. Weston

### Redaksionele Direkteur

Richard F. Ames

### Kuns Redakteur

John Robinson

### Besturende Redakteur

Wallace Smith

### Streeksredakteurs

Robert Tyler (Australasië)

Stuart Wachowicz (Kanada)

Adam West (Europa)

### Besigheidsbestuurder

Dexter B. Wakefield

### Streekskantore

#### VERENIGDE STATE:

P.O. Box 3810

Charlotte, NC 28227-8010

Tel: (704) 844-1970

Faks: (704) 841-2244

[www.tomorrowworld.org](http://www.tomorrowworld.org)

#### AUSTRALASIË:

PO Box 300

Claredon, SA 5157

Tel: (61) 8 8383 6288

Faks: (61) 8 8127 9667

#### KANADA:

P.O. Box 409

Mississauga, ON L5M 0P6

Tel: (905) 814-1094

Faks: (905) 814-7659

#### NIEU-SEELAND:

P.O. Box 2767

Auckland 1140, New Zealand

Tel/Faks: (09) 268 8985

#### VERENIGDE KONINKRYK:

BM PO Box 2345

London, WC1N 3XX

Tel/Faks: 44 (0) 844-800-9322

#### SUID-AFRIKA:

Privaatsak X 3016

Harrismith, FS 9880

Tel: 058 622 1424

Faks: 058 623 1303

Die *Wêreld van Môre*-tydskrif het geen intekenprys nie. Die *gratis* verspreiding van hierdie tweemaandelikse tydskrif word moontlik gemaak deur tiendes en offergawes van lidmate van die Lewende Kerk van God, en van ander wat vrywillig medewerkers geword het in die verkondiging van Christus se ware Evangelie aan alle nasies. Bydraes is welkom en word met dank erken.

Die *Wêreld van Môre*-tydskrif word in Suid-Afrika vertaal, gedruk en uitgegee deur die Lewende Kerk van God.

© Lewende Kerk van God  
Alle regte voorbehou

Alle Skrifverwysings is uit die *Ou Vertaling* (1933), tensy anders aangedui (*NV, Nuwe Vertaling*, 1983).

# Die waarheid agter die Protestantse Hervorming

## DEEL 4

### Die Hervorming groei

*Was die Protestantse beweging 'n opregte poging om die Nuwe-Testamentiese Christelikheid te herstel? Toon die "vrugte" dat dit gemotiveer en gelei was deur die Gees van God? Lees die verrassende WAARHEID in hierdie vierde aflewering van dr. Roderick C. Meredith se reeks artikels wat die gordyn op die Protestantse Hervorming lig!*

#### Roderick C. Meredith

Ons het alreeds die groot afvalligheid bespreek wat gedurende die tyd van die belydende Christelike Kerk plaasgevind het ná die dae van die Apostels. Die *Heidendom* – sy seremonies, tradisies en filosofieë – is vinnig in die vroeë Katolieke Kerk ingelyf.

Die gedokumenteerde verhaal van uiterste *korrupsie* en *losbandigheid* in die belydende "Christendom" is in skrilte kontras met die *geloofsoortuigings, gebruike en lewenswyse* van die ware Kerk in die dae van die Apostels. Ons het bevind dat manne soos Huss en Savonarola *gemartel* was in hulle poging om die Katolieke Kerk van hierdie goddeloosheid te suiwer.

Miljoene gewone mense het gesmag na verligting van die politieke en finansiële tirannie van Rome. In die vorige aflewering het ons Luther se unieke vereenselwiging met hierdie vurige hoop van die massas bespreek.

Ons het die gedokumen-

teerde bewyse voorgelê dat Luther gebuk gegaan het onder 'n *skuldgevoel* omdat hy nie in staat was om gehoorsaam te wees aan wat hy gedink het God se wil is nie. Dit het hom tot op die punt gedryf om 'n woord by Romeine 1:17 se leer *in te voeg*: "Maar die regverdige sal uit die geloof alleen lewe."

Benewens die opstand teen die Katolieke leer van aflate, het Luther gerebelleer teen die noodsaaklikheid van *enige* bepaalde gehoorsaamheid aan die Gebooie van God en het nou op "geloof *alleen*" staatgemaak vir verlossing. In sy opstand teen Rome het hy 'n *politieke beroep* op die Duitse adel gedoen vir hulle steun en geskryf: "Ons is gebore om meesters te wees... Dit is tyd dat die glorieryke Teutoniese volk behoort op te hou om die marionet van die Roomse pous te wees". (Henry Bettenson, *Documents of the Christian Church*, bl. 278).

**Die begin van Lutheranisme**

Na sy finale breuk met Rome het Luther begin om 'n aantal van die belangrikste adel en prinse te bearbei om sy saak te ondersteun. Sonder behoorlike beskerming was hy 'n *dooie man* – onder die ban van die keiser en die pous.

Tydens sy geskille met John Eck en in sy prediking, skryfwerk en ander hervormingswerk, het Luther die respek van 'n aantal jong humaniste van Duitsland gewen. Onder hulle was Ulrich von Hutten en Francis von Sickingen. Von Hutten het Luther se godsdienstige besware gesekondeer deur nydige pamflette teen die pous en hoër geestelikes te skryf. Sy vriend, von Sickingen, het sy kasteel vir Luther aangebied as 'n toevlugsoord in geval van nood.

Twee ander manne het Luther se werk ondersteun en was geassosieer met hom by die Universiteit van Wittenberg. Die eerste persoon was Andreas Carlstadt, Luther se senior in die teologiese fakulteit, wat die doktorsgraad aan hom toegeken

het. Carlstadt was 'n bekwame teoloog van daardie tye, maar het nie dieselfde tipe persoonlikheid en gewilde welsprekendheid as Luther gehad nie. Hy was beskou as ietwat voortvarend en wou dikwels 'n vollediger hervorming bewerkstellig as wat Luther gedoen het. Tot Luther se ontsteltenis het hy soms dinge waaroor Luther net gepraat het *in die praktyk uitgevoer*.

Die ander man wat verdiep geraak het in Luther se leerstelling was Philip Melancthon, die professor in Grieks aan die universiteit. Hy was daardie tyd net een-en-twintig jaar oud, maar hy was geleerd, sensitief en briljant en sy reputasie vir sy vermoë het wyd gestrek. Sy bekering tot Luther se leerstelling was nie as gevolg van enige geestelike stryd nie, maar omdat hy entoesiasies met Luther se interpretasie van Paulus se geskryfte saamgestem het.

Hierdie humaniste, teoloë, die keurvors Frederik die Wyse en baie ander prinse, edeles en geleerdes – het almal begin om hulleself met Luther en sy leerstellings te vereenselwig. Vir die meeste van die prinse en adel was die motiewe suiwer *politie* en *finansiëel*. Hulle was moeg vir die oorheersing en inmenging van die Italiaanse pousdom. Luther het 'n konkrete simbool geword van hierdie langdurige opstand. Onder sy leierskap was hulle verenig in 'n *gemeenskaplike verbond van haat* teen die materiële mag van die Rooms-Katolieke Kerk

(Johannes Baptist Alzog, *Manual of Universal Church History*, Vol. III, bl. 202).

Vir die humaniste het Luther 'n voorstander geword wat in gewilde welsprekendheid dít uitgespreek het waaroor hulle op gevatte wyse in skerpsinnige, hooggeleerde boeke en pamflette geskryf het, wat bo die vuurmaakplek van die gemiddelde mens was. Sy godsdienstige oproep het diepte en 'n positiewe betekenis aan die aanvalle op die hiërargie gegee, wat in hulle hekelende geskryfte ontbreek het. Alhoewel baie mense nie sy leerstelling van genade verstaan het nie, het sy *gees van opstand* teen Rome vinnig versprei.

Luther het dus oornag 'n *kampvegter vir die hele Duitsland* geword in hulle onderskeie griewe teen die pousdom. Daar het nou 'n ware *beweging* begin en die pous en nuwe keiser, Charles die Vyfde, sou vind dat dit sou groei tot 'n verwoestende botsing waarteen hulle nie heeltal opgewasse was nie.

### **Die ontwikkeling van Luther se leerstelling**

Luther se verhandeling met die titel, "Aan die Christelike adel van die Duitse Nasie" wat in 1520 uitgereik is, het hom baie gewild gemaak by die Duitse adel, plaaslike owerhede en boerestand. Sy praktiese voorstelle daarin word kortliks deur Walker opgesom: "Pouslike wanregering, aanstellings en belasting moet ingeperk word; onnodige ampte in toom gehou word; Duitse kerklike belange

behoort onder 'n 'Aartsbiskop van Duitsland' geplaas te word; *geestelikes toegelaat word om te trou*; die oormaat heilige dae verminder te word in belang van nywerheid en gebalanseerdheid; bedelary, met inbegrip van dié van die ordes van bedelmonikke, verbied word; bordele gesluit word; luuksheid ingeperk word; en die teologiese opvoeding in die universiteite verander word. Geen wonder dat die uitwerking van Luther se werk verregaand was nie. Hy het dít uitgespreek wat toegewyde mense lank reeds gedink het" (Williston Walker, *A History of the Christian Church*, bl. 345).

Later in dieselfde jaar het Luther in sy "Babylonian Captivity of the Church" die sakramentele gebruike van die Roomse Kerk aangeval. Hy het die leer van transsubstansiasie ontken en gesê daar is net twee werklike sakramente – doop en die Nagmaal. Hy het die Skrifgeldigheid van die ander Roomse sakramente ontken – aan-neming, huwelike, bevel, die salwing van die siekes en geveinsde geesdrif, alhoewel hy gesê het dat boetedoening 'n sekere sakramentele waarde het as 'n terugkeer na die reinheid van die doop.

Dit is merkwaardig dat Luther in die verwerping van transsubstansiasie die *absolute gesag* van die Skrif in sake van geloof en praktyk verklaar het. Hy sê: "Dit wat sonder die gesag van die Skrif of bewese openbaring beweer word, kan as 'n opinie beskou word, maar daar is geen verpligting om dit te

glo nie ... Transsubstansiasie ... moet beskou word as 'n uitvinding van menslike rede, aangesien dit nie op die Skrif gegrond is nie, nog minder op gesonde verstand ..." (Bettenson, *Documents*, bl. 280).

Indien Luther maar hierdie soort skriftuurlike toets op al sy leerstellings toegepas het, kon die wêreld vandag 'n ander plek gewees het! Wanneer hy, toe hy aangekla is omdat hy die woord "sola" (*alleen*) by **Romeine 3:28** ingevoeg het, het hy hooghartig geantwoord: "As u Pous homself enige onnodige ergernis op die hals haal oor die woord *sola*, kan u dadelik antwoord: Dit is dr. Martin Luther se wil dat dit so behoort te wees" (Alzog, bl. 199). Ons kan met goeie gesag byvoeg dat geen ander rede vir sodanige onskriftuurlike verandering soos hierdie, ooit gegee is nie. Wanneer dit by Luther se eie persoonlike leerstellings oortuigings gekom het, was Martin Luther werklik 'n eiewyse man.

### Die kern van Luther se leerstelling

Die kern van *die evangelie van Luther*, was *vergifnis van sondes* deur 'n persoonlike, lewensveranderende geloof in Jesus Christus. Hy het dit as die *enigste* ware godsdiens beskou (Walker, bl. 346).

Luther het egter heeltemal die Bybel se onderwysing oor die absolute *bekering* nagelaat wat enige vergifnis van sondes *vooraf moet gaan*. Sy verstand het voortgegaan om te rebelleer teen die noodsaaklikheid van

*gehoorsaamheid* aan enige soort van gesag of wet nadat 'n mens deur geloof in Christus vergewe is. Hy het geskryf: "Die hoeveelheid mense wat in Christus *glo*, al is hulle ook h e talryk en goddeloos as wat kan kom, sal nie verantwoordelik wees vir hulle werke nie – nog minder daarvoor veroordeel word". Hy sê ook: "*Ongeloof* is die enigste sonde waaraan die mens skuldig kan wees; wanneer die naam ookal op ander dade toegepas word, is dit 'n verkeerde benaming ..." (Alzog, bl. 199).

Sy derde traktaat van 1520, "*On Christian Liberty*", beweer dat 'n Christelike mens geensins *geestelik onderworpe aan enige mens is nie, nog minder aan enige wet*. Hy het aangevoer dat aangesien ons geregverdig word deur *geloof alleen*, ons nie meer verplig is om die Wet van God te onderhou nie.

Hier sien ons dat Luther voortgegaan het om klem te plaas op hierdie persoonlike, emosionele en sielkundige ervaring van vrye *vergifnis* as die sentrale beginsel van al sy leerstellings. Hy was self so terneergedruk deur 'n skuldgevoel terwyl hy in die Roomse kerk was, dat hy nou verplig gevoel het om alle sin van die *wet* en 'n rede om dit te gehoorsaam, tersyde te stel. Ons sal hierdie leerstelling elders met die Skrif vergelyk.

Luther se leerstelling was dus nou volledig in sy hoofraamwerk. Alhoewel hy homself later op baie kleiner punte sou korrigeer, was die grond-

beginsels van Luther se teologiese stelsel nou gevestig (Walker, bl. 346).

### Luther by Worms en by die Wartburg

In 1521 was Luther gedagvaar om voor die Ryksdag [keiserliker vergadering] van Worms te verskyn en sy vriende het hom gewaarsku teen die dodelike gevaar waarin hy verkeer het. Die keiser het egter aan hom 'n belofte van veilige begeleiding gegee en hy was vasbeslote om te gaan, selfs "al was daar net soveel duiwels in daardie stad as wat daar teëls op die huise [se dakke] was".

Terwyl hy voor die Ryksdag verskyn het, is Luther onmiddellik met 'n ry van sy boeke gekonfronteer en hy is gevra of hy dit sou terugtrek of nie. Na 'n onderbreking vir oorweging het hy toegegee dat hy hom dalk te sterk teen sekere persone uitgespreek het, maar dat hy nie die inhoud van wat hy geskryf het sou herroep nie, tensy dit deur die Skrif of rede verwerp kon word. Hy het, na berig word, afgesluit met die woorde: "Hier staan ek; ek kan niks anders doen nie. God help my. Amen" (Jesse Lyman Hurlbut, *The Story of the Christian Church*, bl. 153).

Nadat hy van Worms af teruggekeer het is Luther deur goedgesinde mense na die Wartburg-kasteel naby Eisenach geneem waar hy byna 'n jaar lank weggekrui het. Hy was onder die ban van die Ryk geplaas en indien Duitsland deur 'n sterk sentrale gesag

beheer was, sou Luther se loopbaan gou in martelaarskap geëindig het. Dit het geblyk dat sy sterk en vriendelike heerser van die gebied, Frederik die Wyse, elke keer Luther se redding was. Vanuit sy geheime toevlug by die Wartburg het Luther mense bewus gemaak van sy voortgesette werksaamhede deurdat hy baie briewe en pamflette geskryf het ten gunste van sy saak en dit oor die hele Duitsland gestuur is. Die mees blywende vrug van hierdie tydperk was sy vertaling van die Nuwe Testament. Hierdie vertaling van die Griekse teks van Erasmus na Duits toe was 'n werk van hoë literêre gehalte en word beskou as die grondslag van die Duits-geskrewe taal (Ludwig Hausser, *The Period of the Reformation*, bl. 60-61).

“Daar is nog nooit so 'n groot bydrae gelewer soos hierdie vertaling tot die ontwikkeling van die godsdienstige lewe van 'n nasie nie. Nog minder was Luther met al sy ontsag vir die Woord van God, sonder sy eie reëls van kritiek. Dit was die relatiewe helderheid waarmee hy sy *interpretasie* van die werk van Christus en die metode van verlossing deur geloof, onderrig het. Te oordeel aan hierdie standarde, het hy gevoel dat Hebreërs, Jakobus, Judas en Openbaring van *minderwaardige belang* was. Selfs in die Skrif was daar *verskille* in waarde” (Walker, bl 349).

Ons vind dus, hoewel Luther verkondig het dat alle ware leerstellings op die Skrif gegrond behoort te wees, dat wanneer dit

op die *interpretasie* van die Skrif neerkom, hy sy eie gunsteling teorieë gehad het, selfs met betrekking tot die relatiewe waarde van *volledige boeke* van die Bybel! Soos ons sal sien, het hy hewig uitgevaar teen diegene wat nie met sy leerstellings teorieë saamgestem het nie.

### **Voortgesette Hervorming by Wittenberg**

Terwyl Luther in Wartburg in afsondering gebly het, het verskeie van sy medewerkers die kerklike revolusie in Wittenberg voortgesit. In baie gevalle het hulle die eerste hervormings geïmplimenteer waarvoor Luther *gepraat* het, maar nog nie uitgevoer het nie.

Teen Oktober 1521 het Luther se medemonnik, Gabriel Zwilling, die mis veroordeel en die verwerping van geestelike geloftes aangemoedig. Baie van die inwoners van die Augustynse klooster in Wittenberg het gou hulle beroep verlaat en Zwilling het spoedig die gebruik van beelde aangeval.

Teen Kersfees 1521, het Carlstadt die stad byeengeroep om die Nagmaal volgens die *nuwe manier* te vier. Hy het in gewone klere dienste gelei, alle verwysings na offerandes in die liturgie weggelaat, die brood sowel as die wyn aan die leke gebied en die Duitse taal gebruik om die sakrament te bedien (Roland Bainton, *The Reformation of the Sixteenth Century*, bl. 64).

Die aanhoor van belydenisse en die vastye is spoedig laat vaar. Carlstadt het verkondig dat

alle predikers moes trou en het later in 1522 self getrou.

Die algemene opwinding is in Desember 1521 verhoog deur die aankoms van verskeie radikale “profete” van Zwickau. Hulle het onmiddellik goddelike inspirasie geëis, teen kinderdoop geleer, asook die vinnig-naderende einde van die wêreld geprofeteer (Walker, bl. 350). Melanchthon was ontsteld oor al hierdie gebeure en was te onseker van homself om hierdie nuwe leerstellings te bevestig of te ontken.

Carlstadt het egter net probeer om *Luther se oproep* tot terugkeer na die praktyke volgens die Skrif na te volg. Dit is dalk jammer dat die aankoms van die Zwickau-“profete”, die beweging vir 'n tyd lank met radikalisme besmet het. Hierdie voorvalle was hoogs onaangenaam vir die keurvors, Frederick die Wyse en het waarskuwende protestering van ander Duitse prinse ontlok. Dit is belangrik om te beseft dat Luther op dun ys moes loop om die guns te behou van hierdie *Duitse prinse* wat politieke, militêre en finansiële steun gegee het.

Deels om enige verdere afkeuring van radikalisme van die Duitse prinse te voorkom en deels weens 'n duidelike *jaloesie teenoor Carlstadt* (G.H. Orchard, *A Concise History of Foreign Baptists*, bl. 339), was Luther vasbeslote om na Wittenberg terug te keer en weer beheer van die hervormingsbeweging oor te neem.

### Carlstadt se Hervormings

Laat ons eers 'n paar van die veranderings sien wat Carlstadt aangebring het:

Carlstadt het alle kerklike kleredrag verwerp en alhoewel hy self 'n predikant was, het hy hom in 'n groot grys mantel soos 'n plat-telander geklee. 'n Tweede beginsel het hierdie posisie weer versterk, naamlik maatskaplike gelykheid. Die leerstelling van die priesterskap vir alle gelowiges is so ernstig opgeneem dat Carlstadt nie Doktor genoem wou word nie, maar slegs "Broeder Andreas". Die *begeerte* wat ook vir Luther aangespoor het om *die patroon van vroeë Christelikheid te herstel*, is verder gevoer om baie Ou-Testamentiese gebruike in te sluit. Die vernietiging van beelde was gebaseer op die Mosaïese bevel, asook die bekendstelling van *streng sabbatarisme*. Die *hele program was vreemd aan die gees van Luther*, wat geglo het die aarde behoort aan die Here en die volheid daarvan en dat enige deel daarvan gebruik mag word in die belang van godsdiens (Bainton, bl. 65-66).

Nadat hy van hierdie nuwe

program gehoor het, het Luther dadelik na Wittenberg teruggekeer, die guns van die keurvors en die stadsraad verkry en Carlstadt uit die stad *verban*.

Die verrassende feit wat hier bekend gemaak is, is dat Carlstadt, hoewel hy *sekere punte verkeerd verstaan het*, probeer om baie van die gebruike van *Christus* en die *Apostels* weer in te stel. *Luther wou niks hiervan weet* nie. Hy sou soms *praat* oor die terugkeer na die Bybelse Christenskap, maar het altyd enige werklike poging verwerp om dit regtig te doen.

### Luther se alliansie met die prinse

Na Luther se terugkeer uit Wittenberg het hy in alle opsigte 'n besliste *konserwatiewe gesindheid* getoon en sy invloed by die Duitse prinse teruggekry. Hy was gedwing om die meeste van die tyd *politiek* te bedryf, want die sukses van die Lutherse beweging was geheel en al afhanklik van hulle goedgesindheid.

Die keiser was nou besig met 'n groot oorlog teen Frankryk vir die beheer van Italië. Pous Leo X is in Desember 1521 oorlede en sy opvolger was nog nie invloedryk genoeg om Luther se aktiwiteite te bekamp nie. Onder hierdie gunstige omstandighede het dit gelyk of die Hervorming die hele Duitse nasie vir sy saak kon wen (Hausser, bl. 68-69).

Baie Lutherse gemeentes het nou in verskillende streke van Duitsland gevorm en die

probleem van *kerkorganisasie* en *regering* was voorgelê. Sonder om die *Bybel* te raadpleeg om uit te vind watter soort kerkregering *Christus* in Sy Kerk ingestel het, het Luther sy *eie stelsel uitgedink*. "Luther was nou oortuig dat sulke verenigings van gelowiges volle mag gehad het om hulle predikante aan te stel en van hulle ontslae te raak. Hy het egter ook bevind dat die belangrikste plig van die wêreldlike heersers was om die Evangelie te bevorder aangesien hulle die gesagsposisies beklee en die grootste verantwoordelikheid in die Christelike gemeenskap gehad het. Die gebeure van die onmiddellike toekoms en die noodsaaklikheid van werklike kerklike organisasie binne uitgebreide gebiede, sou Luther die rug laat keer op enige simpatie van mense wat hy op daardie stadium geniet het met hierdie vrye kerklikheid, na 'n streng afhanklikheid van die staat". (Walker, bl. 351).

As gevolg van hierdie soort *menslik-uitgedinkte kerkregering*, vind ons dat die Lutherse Kerk *politie beheer* en tot onlangs feitlik heeltemal afhanklik van die staat was. Luther se pogings om die *guns van die Duitse prinse te behou* en sy geneigdheid om *ontelbare idees en gebruike* te behou wat van die heidense Roomse kerk oorgebring is – het veroorsaak dat hy as baie "konserwatief" beskou was. Hy het trouens in *baie* opsigte nie van die Rooms-Katolieke tradisies afgewyk nie.

Luther het besluit dat groot

vryheid toelaatbaar was in die fynere besonderhede van aanbidding, solank as wat die "Woord van God" hoofsaaklik behou is. Die verskillende Lutherse gemeentes het spoedig 'n *groot verskeidenheid* gebruike in hulle dienste ontwikkel. In plaas van Latyn is die Duitse taal toenemend gebruik. Luther het heelwat van die Katolieke vorm van die *mis* behou en het in 1526 'n *mis* in Duits uitgereik. Hy het ook die Katolieke gebruik om *belydenis* te doen, behou, alhoewel dit nie verpligtend was nie. "Te oordeel aan die ontwikkeling van die Hervorming elders, was Luther se gesindheid teenoor metodes van aanbidding heel konserwatief. Sy *beginsel* was 'wat nie teenstrydig is met die Skrif nie, is vir die Skrif en die Skrif is daarvoor'. Hy het dus *baie Roomse gebruike behou*, soos die gebruik van *kerse*, die *kruis* en die illustratiewe gebruik van *prente*" (Walker, bl. 352).

### 'n Skeuring in Luther se party

Teen hierdie tyd het die eerste ernstige skeurings onder Luther se volgelingen te voorskyn gekom. Die eerste ontevredenheid het onder die humaniste ontstaan, wie se leier, Erasmus, baie min simpatie gehad het met Luther se leerstelling van "regverdiging deur geloof *alleen*". Hy was bang vir die gevolge van 'n leerstelling wat die *morele verantwoordelikheid van die individu feitlik ontken*. Die stormagtige geskrifte van Luther, tesame met oproerige opstande op verskeie plekke,

het hom [Erasmus] al hoe meer ontstel.

In die herfs van 1524 het hy begin om Luther se ontkenning van vrye wil uit te daag. Hierdie leerstelling wat ons later in meer besonderhede sal bespreek, beweer dat die mens se natuur in die sondeval van Adam so radikaal bedorwe het dat hy *nie in staat is om God te gehoorsaam* of om *werklik enige goeie ding* te doen nie.

Met die daadwerklike besef van die growwe fout van hierdie leerstelling en ander wat Luther voorgestaan het, was Erasmus bang vir die toenemende afname van belangstelling in onderwys en in openbare sedes, wat gelyk het of dit met Luther se leerstellings gepaardgaan en hy het amptelik met Luther gebreek (Alzog, bl. 226-227).

Nog 'n skeur in die beweging het plaasgevind weens party mense se ontevredenheid met sommige van die halfhartige stappe wat Luther as hervormer geneem het. Baie mense wou werklik terugkeer na die model van die *Nuwe-Testamentiese Christelikheid*. Dit het egter gelyk asof Luther vasbeslote was om soveel van die Roomse gebruike en leerstellings te behou as wat hy kon, sonder om sy basiese leerstellings van regverdigmaking deur geloof *alleen* en verwerping van die pouslike hiërargie en sakramentele stelsel prys te gee. Hy het sonder twyfel gevoel dat hy dit moes doen om die *politieke steun* van die Duitse prinse te behou.

Dit is waar dat die leiers van

sommige van hierdie bewegings *radikaliste* geword het. 'n Voorbeeld hiervan is Thomas Munzer, wat Romaniste en Lutherane aangeval het oor hulle leerstellings en daarop aanspraak gemaak dat hy *direk geïnspireer* was en sy volgelingen geleidelik het om kloosters te beroof en te vernietig en om alle beelde in kerke af te breek (Walker, bl. 353).

Dit lyk *gewis* dat indien Luther bereid was om op God alleen te vertrou vir sy beskerming, eerder as om te flikflooi vir die guns van die menslike prinse, hy die volk sou kon lei om *geheel en al te breek* met die heidense Katolieke stelsel, leerstellings en gebruike. Hy sou *baie duisende* opregte manne en vroue in Duitsland alleen gevind het wat *graag* sou wou volg. Die massas was alreeds moeg vir die Roomse en leenstelsel en was *gereed* vir 'n verandering.

Hier was 'n perfekte geleentheid om 'n ware herstel van die *Apostoliese Christelikheid* te bewerkstellig. Indien Luther en sy genote maar net hulle wil volkome aan God oorgegee het, Hom gevra het vir Sy leiding *in elke faset* van hierdie herstel en eerlik die *duidelike, letterlike* woord van die *leerstellings* en *gebruike* gevolg het wat deur Christus en sy Apostels ingestel is, sou die grootste deel van Duitsland waarskynlik gevolg het.

Dit was egter *nie* die geval nie. Luther se weiering om 'n volledige hervorming deur te voer het baie opregte, maar



ongeleerde plaasboere en dorpenaars as prooi van ongebalanseerde leiers gelaat, wat in baie gevalle sommige van die *ware Apostoliese gebruike* herstel het wat Luther gewilliglik geïgnoreer het – maar wat dit al te dikwels, met *vreemde buitensporighede* van hulle eie versinsels, vermeng het.

### Die plaasboere se oorlog

Die situasie wat pas beskryf is, het die nou berugte opstand van die Duitse plaasboere meegebring. Die manier waarop Luther 'n flater begaan het in die hantering van hierdie situasie, het verreweg die ernstigste skeiding van sy beweging meegebring.

Die Duitse plaasboere was vir geslagte lank onderdruk en hulle stand was een van toenemende ellende. Die prediking en godsdienstige opwinding van Luther se hervormingsbeweging, het as 'n vonk gedien om hulle in die langverwagte optrede van opstand teen hulle meesters aan te hits.

“In Maart 1525 het die plaasboere twaalf voorwaardes gestel, wat die reg van elke gemeenskap eis om sy predikant te kies of af te dank, dat die groot tiendes (van graan) gebruik word ter ondersteuning van die predikant en ander gemeenskapsuitgawes en die klein tiendes afgeskaf word sodat weggedoen word met slawerny, dat besprekings vir jag beperk word, die gebruik van die woude vir die armes beskikbaar gestel word, dwangarbeid gereguleer en behoorlik vergoed word,

regverdige huurgeld vasgestel word, nuwe wette nie meer uitgevaardig word nie, gemeenskaplike lande teruggegee word aan die gemeenskappe van wie dit weggeneem is en betalings vir erfenis aan hulle meesters afgeskaf word. Vir moderne denkers was dit matige en redelike versoeke. Gedurende *daardie stadium* het dit revolusionêr voorgekom” (Walker, bl. 354).

Alhoewel baie Protestantse geskiedkundiges beweer dat Luther geen aandeel in die plaasboere se opstand gehad het nie, is dit 'n *verdraaiing van die waarheid* om die feit te ontken dat die kleinboere bloot die beginsels van vryheid wat opgeneem was in *Luther se eie geskryfte* toegepas het. Dit lei geen twyfel dat as Luther nie in hulle uur van nood teen hulle gedraai het nie, talle duisende lewens gespaar sou gewees het – en die ekonomiese slawerny van die Duitse plaasboere nie verleng sou gewees het nie (Hausser, bl. 102).

Luther was egter agterdogtig teenoor die ongeletterde boereklass – ten spyte van die feit dat sy eie familie van dieselfde klas was. Nog belangriker, Luther het sy *vertroue in die ondersteuning van die prinse geplaas* en was altyd versigtig om hulle nie te na te kom nie – alhoewel hy aan hulle 'n getemperde waarskuwing gerig het en hulle herinner het aan hulle verantwoordelikheid in die verwagte opstand (Hausser, bl.103).

### Luther staan gewelddadige onderdrukking voor

Omdat Luther lank die raadgewer en voorstander was van liefde en selfbeheersing het hy goed geweet dat Christus beveel het dat mens jou vyande sal liefhê en daarom is sy ommekeer in die kwessie van die plaasboere se opstand niks minder as verbasend nie. Bowendien, die situasie het nie die *mate van geweld geregverdig wat hy voorgestaan het nie* – selfs al sou so 'n verloop in ooreenstemming met Christelike beginsels wees.

Daar was ongetwyfeld foute aan albei kante. Luther se bombastiese beroep op die prinse om die kleinboere *genadeloos te vernietig*, openbaar 'n gees wat so ver is van die Gees wat Jesus Christus gelei het, as wat mens jou moontlik sou kon indink.

Henry C. Vedder skilder 'n akkurate prentjie van die lelike situasie:

Alhoewel die plaasboere 'n goeie saak gehad het, het hulle nie altyd goeie metodes gebruik nie. Die meeste van hulle was onkundig, almal was verbitterd en sommige was woedend oor die onreg wat teen hulle gepleeg is. In hulle opstand is gruweldade gepleeg; kastele is afgebrand en geplunder en meedoënlose onderdrukkers is doodgemaak. Hierdie daad is daarna as verskoning gebruik vir 'n vergelding

waarvan die wreedheid selde in die geskiedenis oortref is. Dit word deur geskiedskrywers, wat geen motief gehad het om te oordryf nie, be-raam dat ten *minste honderdduisend* mense doodgemaak is voordat die woede van die prinse en ridders bedaar het.

Die vernaamste persoon onder diegene wat hulle aangehits het, was *Luther*. Dit wil voorkom asof hy geskrik het vir diegene wat volgehou het om te probeer om hom en sy leerstellings die oorsaak vir die plaasboere se oorlog te maak. *Sy hoop was in die beskerming en guns van die prinse*, aan wie die blote woorde wat hy uitgespreek het, diep aanstoot moes gegee het. In die middel van die oproer het hy dus 'n tweede pamflet aan die pers gestuur waarin hy *heeltemal van plan verander* en die plaasboere so heftig veroordeel as wat hy voorheen die prinse bestraf het.

“Hulle veroorsaak oproer, voer geweldadige rooftogte en plundering van kloosters en kastele uit wat nie aan hulle behoort nie. Hiervoor alleen, as openbare rowers en moorde-naars, *verdien hulle 'n*

*dubbele dood van liggaam en siel*. Dit is *reg en wettig* om by die eerste geleentheid 'n opstandige persoon wat as sodanig bekend is en alreeds onder God en die keiser se ban is, dood te maak. Vir 'n openbare rebel is elke man regter sowel as teregsteller. Net soos wanneer 'n vuur begin brand, is hý wat dit die eerste blus, die beste man. Rebelle is nie 'n veragtelike moord nie, maar is soos 'n groot vuur wat 'n land aan die brand steek en verwoes; dus veroorsaak rebellie 'n land vol moord, bloedvergieting, weduwees en weeskinders en vernietig dit alles, soos in die geval van die grootste ramp. Daarom behoort *elkeen wat kan*, in die geheim of in die openbaar *doodslaan, verwurg* en *doodsteek* en onthou dat daar niks meer giftig, skadelik en duiwels is as 'n opstandige man nie. Net soos wanneer mens 'n mal hond moet doodmaak; as jy nie teen hom veg nie sal hy teen jou en 'n hele land saam met jou, veg.

“Laat die siviele mag vol selfvertroue voortgaan en doodslaan so lank dit 'n spier kan beweeg. Hier is die voordeel: Die plaas-

boere het slegte gewetes en onwettige goedere en *wanneer 'n plaasboere doodgemaak word, het hy liggaam en siel verloor en gaan vir ewig na die duiwel*. Die siviele owerheid het egter 'n skoon gewete en wettige goedere en kan met alle sekerheid van die hart aan God sê: 'Kyk, my God, U het my as prins of heer aangestel, daaraan kan ek nie twyfel nie en u het die swaard teen boosdoeners aan my toevertrou (Romeine 13:1-4). Daarom sal ek straf en slaan so lank as wat ek 'n spier kan beweeg; U sal oordeel en goedkeur'... *Sulke wonderlike tye is hierdie dat 'n prins die hemel makliker kan haal deur bloed te vergiet as ander met gebed*” (Vedder, *A Short History of the Baptists*, bl. 173-174).

Wel, ons kan onself afvra: “As dit die woorde van 'n hervormer is wat van God gestuur is, *waaraan* meet mens *ware geloof*?” Is dit die woorde van 'n man wat deur die Heilige Gees van God gelei word? Het die herrese Christus *hierdie* man gebruik om Sy “klein kudde” te reinig?

Deur hierdie wrede daad om so bitterlik teen die plaasboere te draai, het Luther groter aansien by die *beskermende prinse* verkry. Selfs menslik

gesproke was die *koste* aansienlik. Van toe af het algemene simpatie vir sy saak onder die plaasboere van Suid-Duitsland afgeneem.

Erasmus het Luther bestraf vir sy skynheiligheid in hierdie gemene saak. Hy het geskryf: “Ons pluk nou die vrugte van u leerstellings. U sê inderdaad die Woord van God behoort volgens sy aard baie andersoortige vrugte te dra. Wel, volgens my mening hang dit baie af van die manier waarop dit gepredik word. U ontken enige verband met die opstandelinge, terwyl *hulle u as hul ouer beskou* en die outeur en omskrywer van hulle beginsels is” (Alzog, bl. 223).

Hierna is dit maklik om die plaasboere se gebrek aan simpatie te verstaan vir die man wat die prinse aangemoedig het om hulle en hul geliefdes “*dood te slaan, te verwurg en dood te steek*”.

### Die verdeling van Duitsland

Die bloedige onderdrukking van die plaasboere se opstand het nou die *prinse* en *stede* in volle beheer van Duitsland gelaat. Politieke alliansies is nou gevorm vir of teen die Hervorming. 'n Bond van Katolieke is deur Hertog George van Sakse en ander Katolieke prinse georganiseer wat in Julie 1525 in Dessau vergader het. In Torgau is 'n opponerende Lutherse bond gevorm. 'n Hernuwing van die keiser se stryd – hierdie keer

teen 'n alliansie van die pous en die Franse koning – het Charles die Vyfde te besig gehou om in die godsdienstige stryd in Duitsland in te meng (Walker, bl. 356).

By die Ryksdag van Spires in 1526 is 'n besluit geneem wat elke Duitse *prins* tydelik *die reg gegee het om godsdienstige sake in sy eie grondgebied te hanteer* – soos hy verantwoordelik gevoel het teenoor God. Hierdie wet het die Lutherse beweging sy eerste regsbestaan gegee en is as 'n triomf vir die Duitse hervormers beskou. Van toe af was Luther egter gebind aan die voorskoot van sy prinslike beskermers. Soos ons sal sien, was hy verplig om *kompromie* en *bedrog* te gebruik om in hulle goeie boekies te bly. As gevolg van sy eie stelsel, was hy *nie meer toegelaat* om die Woord van God “sonder vrees of guns” te verkondig nie. Hy en die Protestantse beweging was onlosmaaklik verbind aan die *politiek* van hierdie wêreld.

Die keiser het egter spoedig oor al sy vyande geseëvier en die prinse is in 1529 na die Ryksdag van Spires ontbied. Die Katolieke party was nou in die meerderheid en het 'n edik uitgevaardig wat die vordering van die Hervorming in die state wat dit nie aanvaar het nie verbied en volle vryheid verleen aan almal in die hervormde gebiede wat Katolieke gebly het.

Die keurvors van Sakse en

verskeie ander prinse het formeel beswaar aangeteken teen hierdie onregverdigde uitspraak. Van daardie tyd af was die term *Protestant* toegepas op die Lutherse party en hulle leerstellings (Fisher, *The History of the Christian Church*, bl. 304).

Daarna het die ontwikkeling van *territoriale kerke* 'n gevestigde beleid geword. Duitsland moes tussen die Katolieke gebiede in die suide en die Protestante in die noorde verdeel word.

Waar 'n mens gewoon het, het dikwels sy godsdiens bepaal. Die verspreiding van die Lutherse godsdiens was meer afhanklik van die *politiek* as van profete.

In die volgende aflewering sal ons die resultaat bespreek – die “vrugte” – van hierdie godsdienstig-politieke beweging. Dan sal ons voortgaan met die opwindende gebeure in ander fases van die Hervorming. Om ons perspektief te behou, behoort ons altyd hierdie vrae in gedagte te hou: Was hierdie beweging gemotiveerd en deur God se Heilige Gees gelei? Was dit 'n ware terugkeer na die “geloof wat eenmaal aan die heiliges oorgelewer is”?

Vir meer antwoorde, moenie die volgende uitgawe se aangrypende aflewering in hierdie belangrike reeks misloop nie! **W&M**

# Wat kom na die Derde Wêreldoorlog?

Deur Richard F. Ames

*Die wêreldorde wat sedert die Tweede Wêreldoorlog geheers het is besig om te verbrokkel. Spanning tussen moondhede, toegerus met kernwapens, neem toe en die moontlikheid van wêreldwye oorlogvoering blyk groter te wees as wat dit in dekades was. Die Bybel openbaar dat die "Derde Wêreldoorlog" inderdaad nader kom – maar dit bied ook 'n bemoedigende boodskap oor die wêreld wat ná die konflik wag!*

Die mensdom gaan steeds voort om massavernietigende wapens te ontwerp en te vervaardig. Wanneer al die totale saamgevoeg word, vind ons dat die wapens van die Eerste en Tweede Wêreldoorloë meer as 60 miljoen mense om die lewe gebring het! Sal die mensdom die Derde Wêreldoorlog kan oorleef of sal dit in die soort napokaliptiese nagmerrie verval, soortgelyk aan dit wat ons op filmskerms sien? Bybelprofesie openbaar 'n hoopvolle antwoord!

Ons in die Westerse wêreld beweer dat ons die lewe van elke individu hoog ag. Wanneer ons egter die geskiedenis van die mensdom in oënskou neem, sien ons die miljoene gesneuwelde soldate en burgerlikes in die nimmer-eindigende siklus van toenemende oorlog. Besef ons die leed wat nasies mekaar en hulleself aangedoen het? Die Amerikaanse Burgeroorlog het meer as 630,000 sterftes veroorsaak. Die Eerste Wêreldoorlog het tien miljoen sterftes tot gevolg gehad; die Tweede Wêreldoorlog was vir 55 miljoen sterftes verantwoordelik. Die

oorlog tussen Iran en Irak het amper 'n miljoen sterftes veroorsaak. Die mens se onmenslikheid teenoor homself beplek ons geskiedenis met mense-slagting. Miljoene mense het tydens die massamoord van die Jode tydens die Tweede Wêreldoorlog gesterf asook onder die Khmer Rouge in Kambodja en as slagoffers van gruweldade in Rwanda, Bosnië en Kosovo, om net 'n paar op te noem.

Bybelprofesie openbaar duidelik dat alle nasies uiteindelik aan die Derde Wêreldoorlog sal deelneem. Daardie oorlog sal tot totale wêreld-uitwissing van almal en alles op aarde lei – tensy God ingryp. Die aarde en die lewe daarop sal nouliks die Derde Wêreldoorlog oorleef, maar God sal ingryp.

Hoe sal die aarde daarna wees? Ons behoort te weet wat die goeie nuus ná die slegte nuus is. Daar is 'n nuwe wêreld aan die kom: Die wêreld van môre. Hoe sal dit wees? Wat sal die toekoms ná die Derde Wêreldoorlog inhou? Die Bybel openbaar dat u hoop kan hê ná die traumatiese gebeurtenisse

wat nog gaan kom. U kan deel in die wonderlike wêreld van môre wat vol van vrede, oorfloed en God se liefde sal wees.

Intussen moet ons die realiteit van gevaarlike tye wat voorlê besef. Sal u voorbereid wees op die toekoms? U kan wees, indien u die God van die Bybel soek en Sy weë aanleer. Wanneer u dit doen, sal u besig wees om voor te berei vir die komende tydperk van vrede deur *nou* 'n voorsmaak van daardie vrede in u eie lewe te bring, selfs terwyl die wêreld rondom u na die rand van rampspoed voortsnel.

## 'n Tydperk van kosmosvernietiging?

Die kerneue het gedurende die Tweede Wêreldoorlog begin. Op 6 en 9 Augustus 1945, het die Verenigde State die heel eerste atoombomme op die stede Hiroshima en Nagasaki in Japan laat val. Die tydperk van potensieel *onmiddellike* wêreldwye massavernietiging het aangebreek.

Het die gevaar van kernoorlog verminder? Ons kan slegs die koerante lees om te

verstaan dat die potensiaal vir wêreldwye konflik 'n ontnugterende realiteit bly. Die diktatoriale regime van Noord-Korea gaan steeds voort om sy swaard te swaai en die Verenigde State uit te tart deur missiele te toets wat die vermoë het om Noord-Amerika met kernwapentuig te bereik. Die spanning tussen kerngewapende Indië en Pakistan bly 'n wêreldwye bekommernis – des te meer, gegewe die interne onstabiliteit wat Pakistan voortdurend teister. Verhoudings tussen die kernkragreuse van die Verenigde State, Rusland en China raak al hoe meer kommerwekkend en gespanne. So ook die verhouding tussen die Verenigde State en sy langbestaande na-oorlogse bondgenote in Europa, soos Duitsland. Die bedreiging van 'n terroristiese kernaanval dreig in die agtergrond, namate skurkagtige nasies potensiële geleenthede vir die verspreiding van kernmateriaal en tegnologie bied.

Die stabiliteit van die *Pax Americana* – die Amerikaanse Vrede – wat die moontlikhede van konflik op wêreldwye skaal na die ineenstorting van die Sowjetunie kon verhoed, het bykans heeltemal verdwyn. Die moontlikheid van die Derde Wêreldoorlog lyk weereens skrikwekkend werklik en dit neem toe in 'n tyd waar die vernietigende krag van die mens se tegnologie nog nooit groter was nie.

## Wêreldoorlog kom

Die oorlog van alle oorloë lê nog vir ons voor. Ons het twee wêreldoorloë in die 20ste eeu beleef en die Derde Wêreldoorlog dreig in die 21ste eeu! Die volgende oorlog sal katastrofies wees. Die groot wetenskaplike, Albert Einstein, het eenkeer gesê: “Ek weet nie met watter wapens die Derde Wêreldoorlog geveg sal word nie, maar die Vierde Wêreldoorlog sal met 'n koue onverskilligheid geveg word”.

Geskiedenis lewer bewys van die bese neigings van mense en hulle waansinnige vernietigingsvermoë in elke oorlog. Waarheen sal dit alles lei? Jesus van Nasaret, wat weer sal kom om die wêreld van homself te red, het hierdie verskriklike werklikheid verklaar: “Want dan sal daar groot verdrukking wees soos daar van die begin van die wêreld af tot nou toe nie gewees het en ook nooit sal wees nie. En as daardie dae nie verkort was nie, sou geen vlees gered word nie; maar ter wille van die uitverkorenes sal daardie dae verkort word” (Matthéüs 24:21-22).

Hier is die Verlosser se waarborg dat lewe op aarde nie met die Derde Wêreldoorlog sal eindig nie. Baie jare gelede tydens die Koue Oorlog, was ek persoonlik bekommerd oor die einde van die wêreld. Al wat ek op die horison kon sien, was 'n totale kernontbranding wat die aarde as verbrande oorblyfsel sou agterlaat. Die goeie nuus is dat Jesus Christus sal terugkeer om te verhoed dat die Derde Wêreldoorlog totale kosmos-

vernietiging veroorsaak. Soos Hy gesê het, “ter wille van die uitverkorenes sal daardie dae verkort word.” Daardie nuus behoort gerusstellend te wees. Ons behoort nogtans te weet wat voorlê, sodat ons die toekoms met geloof en moed kan aandurf.

Watter gebeurtenisse lei tot die Wederkoms van Jesus Christus? Die boek Openbaring beskryf die verdrukking wat deur die beroemde Vier Perde-ruiters en hulle ritte veroorsaak sal word. Oorlog en hongersnood sal direk 'n kwart van die aarde vernietig, soos dit in Openbaring 6:7-8 aan ons vertel word. Die apostel Johannes het eerste-eeuse taal gebruik om die 21ste-eeuse oorlogvoering te beskryf. Byvoorbeeld, in die laaste fase van die Derde Wêreldoorlog, tydens die sesde basuingeklank, beskryf Johannes 'n massiewe weermag wat weswaarts oor die Eufraatrivier sal opruk wat vanaf Turkye deur Sirië en Irak na die Persiese Golf vloei. Johannes skryf: “En die sesde engel het geblaas, en ek het 'n stem gehoor uit die vier horings van die goue altaar wat voor God is, en dié het aan die sesde engel met die basuin gesê: Maak die vier engele los wat gebind is by die groot rivier, die Eufraat. Toe is die vier engele losgemaak wat gereed gehou was vir die uur en dag en maand en jaar, om 'n derde van die mense dood te maak. En die getal van die leërs van perde-ruiters was twee maal tienduizend maal tienduizend; en ek het hulle getal gehoor” (Open-

baring 9:13-16).

Johannes het in 'n visioen 'n massiewe inval weswaarts oor die Eufraatrivier gesien. Wat sal hierdie leër aan die bevolkings van die aarde doen? Dit sal een derde van die mensdom doodmaak. Ten minste twee miljard mense sal in hierdie fase van die Derde Wêreldoorlog sterf! Indien ons hierdie ramp wil ontvlug, behoort ons *nou* wakker te word! Dit is nodig om God te soek vir lewe, beskerming en *redding*.

Indien Westerse nasies hulle nie van hulle wettelose en anti-God lewenswyses distansieer nie, sal God ons in 'n groot verdrukking straf. Gereelde lesers van hierdie tydskrif weet dat die Amerikaanse en Britse afstammeling onder die nasate van die huis van Israel tel. Ons is die afstammeling van die patriarg Jacob, wie se naam na Israel verander is. Jeremia se profesie verwys direk na die Westerse nasies: "Wee, want die dag is groot, sonder weerga! [dit is 'n *unieke* tydperk in die mens se geskiedenis]. En dit is 'n tyd van benoudheid vir Jakob; maar hy sal daaruit verlos word" (Jeremia 30:7). God sal die Westerse nasies in die Derde Wêreldoorlog straf indien hulle hul nie bekeer nie! Bybelprofesie dui daarop dat net 'n klein persentasie sal oorleef, maar God *sal* die res van die Westerse nasies red.

Ons kan God dank dat Jesus Christus weer sal kom om die aarde te red en Sy Koninkryk te vestig. Die wêreld sal na die Derde Wêreldoorlog fisies en

geestelik herna word. Daar is hoop vir die toekoms. Daar is 'n nuwe wêreld aan die kom!

Ons leef in 'n gevaarlike wêreld. Die menslike natuur en vegtende nasies sal daardie gevare in die Derde Wêreldoorlog uitbrei. Bybelprofesie openbaar dat tydens hierdie oorlog 'n leër van 200 miljoen soldate van oos van die Eufraat, een derde van alle menslike lewe sal uitwis. Tensy die mensdom homself van sy opstand teen God en Sy weë bekeer, sal ons die grootste verdrukking sien wat die wêreld nog ooit ervaar het!

U kan ook lees oor die ekologiese verwoesting wat sal plaasvind tydens die Dag van die Here. Die eerste vier basuinplae beïnvloed die omgewing:

En die sewe engele met die sewe basuine het hulle gereedgemaak om te blaas.

En die eerste engel het geblaas, en daar het hael en vuur gekom met bloed gemeng, en dit is op die aarde gegooi. En 'n derde van die bome het verbrand, en al die groen gras het verbrand. En die tweede engel het geblaas, en iets soos 'n groot berg wat brand met vuur, is in die see gegooi. En 'n derde van die see het bloed geword, en 'n derde van die lewende skepsele in die see het gesterwe, en 'n derde

van die skepe het vergaan. En die derde engel het geblaas, en 'n groot ster wat soos 'n fakkel brand, het uit die hemel geval, en dit het geval op 'n derde van die riviere en op die waterfonteine. En die naam van die ster word genoem Alsem; en 'n derde van die waters het als geword, en baie mense het gesterwe van die water, omdat dit bitter geword het. En die vierde engel het geblaas, en 'n derde van die son is getref en 'n derde van die maan en 'n derde van die sterre, sodat 'n derde van hulle donker sou word en die dag vir sy derde deel nie lig sou gee nie, en die nag net so (Openbaring 8:6-12).

Die omgewing sal verwoes word. Die vyfde en sesde basuine openbaar militêre aksies en gebeure wat tot die Wederkoms van Christus lei.

### **Christus se Wederkoms bring vrede**

Laastens kondig die sewende basuin die nuus aan wat alle nasies nodig het. Die Koninkryk van God sal blywende vrede na hierdie aarde bring. "En die sewende engel het geblaas, en daar was groot stemme in die hemel wat sê: Die koninkryke van die wêreld het die eiendom van onse Here geword en van sy Christus, en Hy sal as Koning

heers tot in alle ewigheid” (Openbaring 11:15).

Dit is die goeie nuus waarvoor ons almal bid! Vleeslike, wederstrewige nasies sal dit nogtans nie as goeie nuus beskou nie. Ongelooflik, maar hulle sal met Sy Wederkoms teen Christus veg. Soos die Skrif aan ons sê: “Die nasies was vertoornd” oor Sy Wederkoms (vers 18). Openbaring 19 gaan voort om daardie geveg en die gevolge daarvan te beskryf. Die nasies sal leer dat hulle nie teen die Opperbevelhebber van die hemel se leërs, Jesus Christus kan wen nie.

Wat gebeur volgende? Almal op die aarde sal die Wederkoms van Christus sien: “Kyk, Hy kom met die wolke, en elke oog sal Hom sien, ook hulle wat Hom deurstek het; en al die geslagte van die aarde sal oor Hom rou bedryf; ja, amen!” (Openbaring 1:7). Die meeste mense wat die Derde Wêreldoorlog oorleef het, sal verstaan dat die mens se weë tot die dood lei (verwys Spreuke 14:12; 16:25). Hulle sal hulle bekeer en begin om God se liefde vir hulle te verstaan. Hulle sal besef dat Jesus Christus se kruisiging en Sy gestorte bloed vir hulle sondes betaal het. Hulle sal ontvanklik wees en 'n nuwe lewenswyse aanleer.

Daar sal 'n tweede uittoeg wees. Oorlewende gevangenes uit Westerse nasies sal 'n nuwe lewe in 'n nuwe land begin: “Daarom kyk, daar kom dae, spreek die HERE, dat hulle nie meer sal sê: So waar as die HERE leef wat die kinders van Israel uit

Egipteland laat optrek het nie, maar: So waar as die HERE leef wat die geslag van die huis van Israel laat optrek en laat kom het uit die Noordland en uit al die lande waarheen Ek hulle verdryf het. En hulle sal woon in hulle land” (Jeremia 23:7-8).

Oorlewendes, nederig gemaak deur die Derde Wêreldoorlog, sal hulle tot God wend en Sy seëninge en weë aanvaar:

En Ek sal julle uit die nasies gaan haal en julle uit al die lande bymekaar laat kom, en Ek sal julle in jul land bring. Dan sal Ek skoon water op julle giet, sodat julle rein kan word; van al jul onreinhede en van al jul drekgode sal Ek julle reinig. En Ek sal julle 'n nuwe hart gee en 'n nuwe gees in jul binneste gee; en Ek sal die hart van klip uit julle vlees wegneem en julle 'n hart van vlees gee. En Ek sal my Gees in jul binneste gee en sal maak dat julle in my insettinge wandel en my verordeninge onderhou en doen. En julle sal woon in die land wat Ek aan jul vaders gegee het; en julle sal vir My 'n volk en Ek sal vir julle 'n God wees. (Eségiël 36:24-28).

*Hierdie* is die tyd wanneer al die opgestane en onsterflike heiliges saam met Christus sal regeer. Koning Dawid, 'n man na

God se eie hart, sal oor hierdie terugkerende vlugtelinge heers en hulle lei. Onthou, die groot verdrukking is die tyd van Jakob se benoudheid of Israel se benoudheid. Wat sal dan gebeur? “En op dié dag, spreek die HERE van die leërs, sal Ek sy juk verbreek van jou nek af en jou stroppe stukkend ruk; en vreemdes sal hom nie meer diensbaar maak nie. Maar hulle sal die HERE hulle God dien en hulle koning Dawid wat Ek vir hulle sal verwek” (Jeremia 30:8-9).

Ja, die Koninkryk van God sal op hierdie aarde heers. “Toe sing hulle 'n nuwe lied en sê: U is waardig om die boek te neem en sy seëls oop te maak, want U is geslag en het ons vir God met u bloed gekoop uit elke stam en taal en volk en nasie, en het ons konings en priesters vir onse God gemaak, en ons sal as konings op die aarde heers” (Openbaring 5:9-10).

Die onsterflike heiliges sal konings en priesters wees wat oor nasies en stede gaan heers. Hulle sal die nasies onderrig in God se lewenswyse. Die komende wêreldregering van God se Koninkryk sal oor alle nasies op aarde regeer. Die profeet Jesaja kondig die toekomstige regering onder die Messias aan:

Want 'n Kind is vir ons gebore, 'n Seun is aan ons gegee; en die heerskappy is op sy skouer, en Hy word genoem: Wonderbaar, Raadsman, Sterke God,

Ewige Vader, Vredevors – tot vermeerdering van die heerskappy en tot vrede sonder einde, op die troon van Dawid en oor sy koninkryk, om dit te bevestig en dit te versterk deur reg en deur geregtigheid, van nou af tot in ewigheid. Die ywer van die HERE van die leërskaare sal dit doen (Jesaja 9:5-6).

Die verwoeste stede sal herbou word. Die verlate plase sal weer opgebou word. “En julle sal woon in die land wat Ek aan julle vaders gegee het; en julle sal vir My 'n volk en Ek sal vir julle 'n God wees. En Ek sal julle verlos van al julle onreinhede; en Ek sal roep na die koring en dit vermenigvuldig, en Ek sal geen hongersnood op julle lê nie. En Ek sal die vrugte van die bome en die opbrings van die veld vermenigvuldig, sodat julle die smaad van hongersnood nie meer hoef te verdra onder die nasies nie” (Eségiël 36:28-30).

### 'n Pragtige nuwe wêreld

Die regering van die glorieryke Koninkryk van God op aarde sal prag en produktiwiteit meebring soos wat die wêreld nog nooit geken het nie. Ons kan 'n vlugtige blik op God se grootsheid verkry asook 'n voorsmaak van die wêreld van môre in die skepping rondom ons. God het die aarde geseën met wonderlike, majestueuse berge, groen valleie en produktiewe vlaktes. Ons verwonder ons aan die

ongerepte mere en bruisende oseane. Ons waardeer die verskeidenheid blomme, plantlewe, voëls, diere en seelewe. In die wêreld van môre sal die aard van diere verander. Jesaja gee aan ons hierdie duisendjarige visie:

Dan wei die wolf by die lam, en die luiperd gaan lê by die bokkie, en die kalf en die jong leeu en die vetgemaakte vee bymekaar, en 'n klein seuntjie sal hulle aanja. Die koei en die berin wei, en hulle kleintjies lê bymekaar; en die leeu eet strooi soos die os; en die suigling speel by die gat van 'n adder, en die gespeende kind steek sy hand uit na die kuil van 'n basilisk. Hulle sal geen kwaad doen of verderf aanrig op my hele heilige berg nie; want die aarde sal vol wees van die kennis van die HERE soos die waters die seabodem oordek (Jesaja 11:6-9).

God het mense vir 'n wonderbaarlike doel geskep: Om vir alle ewigheid deel te wees van Sy goddelike Gesin. Hy het ons na Sy eie beeld geskape. Hy het aan mense die mag – die vryheid – gegee om tussen goed en kwaad te kies. Relatief min mense in die geskiedenis van die mens het die weg na die lewe gevind, wat God so ryklik deur Sy Seun, Jesus Christus aanbied. Die

mens het oor die algemeen sy eie kop gevolg, ge-eksperimenteer met elke vorm van regering, godsdiens, filosofie, opvoeding, vermaak, wetenskap, tegnologie, besigheid en handel. Waar sal dit alles heen lei? Na die Derde Wêreldoorlog!

Die Skepper God het 'n plan om die mensdom te red. Daardie plan sluit 'n nuwe wêreld in, die wêreld van môre. Jesus Christus, die Vredevors, sal oor alle nasies op aarde regeer en alle volke die weg na volhoubare vrede leer. Die wapens van oorlogvoering sal omskep word in instrumente van vrede. Alle nasies sal na die nuwe wêreldhoofstad, Jerusalem, gaan. Hulle sal die ware God aanbid en leer dat die Wette van God – die Tien Gebooie – aan elkeen onderrig sal word volgens die weg van God se geregtigheid.

En aan die einde van die dae sal die berg van die huis van die HERE vasstaan op die top van die berge en verhewe wees bo die heuwels, en al die nasies sal daarheen toestroom. En baie volke sal heengaan en sê: Kom laat ons optrek na die berg van die HERE, na die huis van die God van Jakob, dat Hy ons sy weë kan leer en ons in sy paaië kan wandel. Want uit Sion sal die wet uitgaan en die woord van die HERE uit Jerusalem (Jesaja 2:2-3).



*Dit* is die wêreld waarna ons uitsien. Ná die verwoesting van die Derde Wêreldoorlog sal baie nasies nederig en leerbaar wees. Die Koning van die konings sal liefdevolle gesag uitoefen om vrede en voorspoed regoor die wêreld te verseker. Jesaja skryf verder: “En Hy sal oordeel tussen die nasies en regspraak oor baie volke; en hulle sal van hul swaarde pikke smee en van hul spiese snoeimesse; nie meer sal nasie teen nasie die swaard ophef nie, en hulle sal nie meer leer om oorlog te voer nie” (vers 4).

Terroriste sal nie meer doodmaak en vernietig nie. Stamme en nasies sal nie meer teen mekaar veg nie. Die menslike natuur – die basiese oorsaak van oorlog – sal verander. Mense sal die lewenswyse aanleer waarvan

ons in die Bybel leer. Jesus sê: “Die mens sal nie van brood alleen lewe nie, maar van elke woord van God” (Lukas 4:4). Ons behoort daardie lewensweg aan te leer! Diegene wat hulle bekeer en gedoop is sodat Jesus Christus in hulle deur die gawe van die Heilige Gees kan leef, sal help om hierdie verwoeste wêreld weer op te voed. Vandag se ware Christene sal *onderwysers* wees in die wêreld van môre: “Die Here gee julle wel brood van benoudheid en water van bedruktheid, maar jou leraars sal hulle nie langer verberg nie – maar jou oë sal jou leraars sien; en jou ore sal 'n woord agter jou hoor wat sê: Dit is die weg, wandel daarop! wanneer julle regs of wanneer julle links wil gaan” (Jesaja 30:20-21).

Ware Christene leer *nou*

daardie lewensweg aan. Ons word geroep om vredemakers te wees, om die lig van die wêreld en die sout van die aarde te wees, soos Jesus ons in Mattheüs 5 leer. Dit is die weg van liefde, mededeelsaamheid, hulp en diens. Alhoewel hierdie wêreld voortgaan om haat te ervaar, **is** God liefde, (1 Johannes 4:8, 16). Die wêreld ná die Derde Wêreldoorlog sal vir 'n duisend jaar God se goddelike liefde onder die heerskappy van Jesus Christus ervaar.

Christus leer ons: “Maar soek eers die koninkryk van God en sy geregtigheid, en al hierdie dinge sal vir julle bygevoeg word” (Mattheüs 6:33). Mag ons almal uitsien na Sy toekomstige Koninkryk op aarde en mag ons almal met hoop en geloof uitsien na die wêreld van **môre!** **WVM**

## Vervulde Profesie: God se Hand in Wêreldsake

*Vandag staar die mensdom verbysterende krisisse van oorlog, siektes, besoedeling, droogte en hongersnood in die gesig. Waarheen sal dit alles lei?*

*Bybelprofesie onthul dat God deur huidige gebeure werk om 'n toekomstige tyd tot stand te bring wanneer die hele wêreld vrede sal ervaar.*

*Indien u verstaan wat God nou doen en wat Hy vir Sy skepping beplan het, kan u hoop hê, selfs in tye van teëspoed!*

Skryf in of skakel ons om u eie kopie van die boekie met hierdie noodsaaklike inligting in die hande te kry!

# Waarom kinders die spoor byster raak - Deel 2

Deur Gerald E. Weston

Alle ouers smag daarna dat hulle kinders suksesvol in die lewe sal wees. Ongelukkig werk dinge nie altyd so uit nie. Sommige kinders eindig in die gevangenis, ander raak aan dwelms verslaaf, het kinders buite die huwelik of hulle draai bloot net as onproduktiewe lede van die samelewing uit. In 'n vorige *Wêreld van Môre*-tydskrif artikel (Julie-Augustus 2018) het ons na vyf redes gekyk waarom sommige kinders die spoor byster raak. In hierdie artikel gaan ons na nog vyf redes kyk. Almal daarvan is groot belangrike foute wat vermy behoort te word.

## Oorsaak nommer 6: Ouerlike voorbeeld van verwerping van gesag

Wanneer ouers nalaat om die heerskappy van God of van burgerlike gesag te aanvaar, veroorsaak dit dat kinders dieselfde doen. Oneerlike ouers maak oneerlike kinders groot en as u die heerskappy van God en die mens verwerp, sal u kinders nog een byvoeg by hulle lys van owerhede wat nie deur hulle gerespekteer word nie: Usel! Galásiërs 6:7 sê aan ons: "Moenie dwaal nie; God laat Hom nie bespot nie; want net wat die mens saai, dit sal hy ook maai."

Dit is belangrik dat ouers konsekwent is in die respek wat hulle aan owerhede betoon. Hoe

sal u kinders respek betoon aan die verkeersbeampte wat u van die pad aftrek om 'n dagvaarding aan u uit te reik, as **ú** nie respek betoon nie? Hoe sal hulle godsdienstige gesag kan respekteer as u hulle na die kerk bring en dan daardie aand "gebraaide leraar" vir aandete bedien? Indien u nie die siviele en godsdienstige owerhede respekteer nie, waarom verwag u dit van u kinders? Indien u nie heeltemal met u kerk se leerstellings of met u kind se onderwyser saamstem nie, is dit miskien tyd om van kerk of skool te verander. Wat u ookal doen, selfs al sou u met 'n gesags-figuur verskil, doen dit met respek. Dit is veral waar in die geval van geskeide ouers. Wanneer u as ouer die vader of moeder van u kind openlik *voor u* kind kritiseer, doen u die kind 'n diepe onreg aan. 'n Kind wat sy vader, moeder, burgerlike of godsdienstige gesag nie respekteer nie, is tot mislukking gedoem.

## Oorsaak nommer 7: Verdeeldheid in die huis

In Matthéüs 12:25 sê Jesus aan ons: "Elke koninkryk wat teen homself verdeeld is, word verwoes; en elke stad of huis wat teen homself verdeeld is, sal nie bly staan nie." Laat ons maar eerlik wees, dit is dikwels moeilik om getroud te wees. Mans en vrouens dink net nie dieselfde

nie. Professor Higgins het dié vraag in die musiekblyspel, *My Fair Lady* gevra: "Waarom kan 'n vrou nie meer soos 'n man wees nie?" – maar hy het die punt gemis! God het mans en vrouens verskillend gemaak en Hy het dit vir baie goeie redes gedoen. Dit is veral betekenisvol in die opvoeding van kinders. Alhoewel daar duidelike uitsonderings is, is vrouens oor die algemeen geneig om meer saggeaard as mans te wees. Daarom is hulle uiteraard minder effektiewe dissiplineerders. Dit is waarom mens hulle dikwels hoor sê: "Wag totdat jou pa by die huis kom!" Hierdie verskil is dikwels 'n oorsaak van onenigheid tussen die twee. Sommige vroue is gans te sag met kinders wat hulle sleg gedra terwyl party mans heeltemal te streng is. Ten minste kan die een ouer dalk die ander ouer só beter probeer verstaan.

Dit is nodig dat ouers saamwerk en baie van hierdie werk moet agter geslote deure plaasvind. Ek kan 'n gesin onthou wat 'n goeie voorbeeld hiervan was. Kleuters kan baie foute maak, metaalvoorwerpe in kragproppe druk, lampe van tafels aftrek, melk stort en wanneer hulle groter word, kan hulle begin leuens vertel. Hierdie ouers het in detail bespreek wat die belangrikste in elke stadium was. Hulle was meer bekom-

merd oor hulle dogtertjie wat oor die straat hardloop, as 'n glas melk wat gestort word. Deur saam te werk, het hulle op dieselfde prioriteite gekonsentreer en dit het haar 'n gevoel gegee van wat Mamma en Pappa werklik as belangrik beskou. Mamma het haar nie vir een stel waardes gekorrigeer terwyl Pappa dit met 'n ander stel gedoen het nie. Ouers kan nie van elke ding weet wat 'n kind moontlik mag doen nie, maar hulle kan saamwerk aan die ooglopende probleme.

'n Oormatig gesaghebbende vader en 'n swak emosionele moeder wat altyd tot die redding van die kind kom, sal mekaar uitkanselleer. Onder alle, behalwe die uiterste omstandighede, is dit beter om met dissipline – of die gebrek daaraan – net 'n bietjie te wag om dit eers agter geslote deure te bespreek as om voor die kinders met mekaar te verskil sover dit hulle aangaan.

Die ergste gesinsverdeling is egskending. Dat egskending algemeen geword het, is 'n jammerlike aanklag teen ons moderne wêreld, maar selfs in egskending behoort kinders voor u persoonlike agendas gestel te word. Te dikwels kraak die een ouer die ander een af in die oë van die kinders. Selfs al kom twee mense nie met mekaar oor die weg nie, moet hulle, as hulle hul kinders werklik liefhet, 'n reuse poging aanwend om die ander ouer te ondersteun. 'n Kind het immers net een ware biologiese vader en een ware biologiese moeder en hierdie

twee mense is werklik vir die kind belangrik. Moenie daardie verhouding bederf nie!

### **Oorsaak nommer 8: Gebrek aan dissipline**

God sê aan ons dat kinders liefdevolle dissipline nodig het wat konsekwent, regverdig en toepaslik vir die oortreding behoort te wees. Sommige mense is geneig om van die een uiterste na die ander te gaan. Sommige ouers mishandel hulle kinders fisies, terwyl ander geen straf toepas vir slegte gedrag nie.

Dissipline kom in baie vorms voor; van 'n paar rapse met die hand op die sitvlak, tot inperking van voorregte. Die boek Spreuke stel gepaste lyfstraf voor in (13:24; 29:15), maar soms verstaan mense die woorde verkeerd wat hier gebruik word. Die *roede* waarvan in hierdie gedeeltes gepraat word, kan beter vertaal word as 'n dun lat. Sommige regsgebiede laat ouers toe om hulle kinders met die hand op die “sitvlak” te raps. Dit is egter nie universeel nie, aangesien sommige nasies enige lyfstraf deur die wet verbied. Dit is nodig dat ouers bewus sal wees van wette wat hulle raak. Selfs wanneer 'n pak slae toelaatbaar is, moet dit nie uit woede gegee word nie.

Een vorm van dissipline waaraan baie mense nie dink nie, is om 'n kind toe te laat om die gevolge vir sy of haar besluite te dra. Soos 'n wyse ouer aan my verduidelik het: “Wanneer ons dogtertjie (destyds sewe of agt jaar oud) haar

gunsteling rok na 'n partytjie wou dra ná die wasdag, kon sy dit nie daardie week kerk toe dra nie”. Dit was haar keuse, maar Mamma sou dit nie was en stryk vir kerk as sy dit na die partytjie gedra het nie.

Namate hulle seun en dogter groter geword het, is hulle toegelaat om belangriker besluite te neem, maar moes die gevolge daarvan dra. Hulle moes leer om met hulle keuses saam te leef. Hierdie ouers het die potensiaal vir skade, wat inherent is aan sommige van hulle kinders se geleenthede om te kies, deeglik oorweeg en sou reëls neerlê indien hulle kinders iets wou doen wat tot permanente skade kon lei. Daar was keuses wat hulle nooit aan die kinders self oorgelaat het nie, soos om uit te bly tot na die aanklokreël of om ontspanningsdewelms te gebruik. Om die waarheid te sê, geen ouer kan waarborg dat kinders nie skadelike dinge sal aanvang nie, maar deur aan hulle toepaslike keuses saam met wyse raad te gee, verseker ouers dat hulle kinders minder geneig sal wees om teen ouerlike gesag in opstand te kom wanneer dit regtig saakmaak.

In die geval van my vriende, het althuis hulle kinders opgegroeï om suksesvolle lewens te lei en standvastige burgers te word wat kon bydra tot voordeel van die samelewing. Hulle het van 'n vroeë ouderdom selfdissipline geleer. Hulle het ook geleer dat terwyl Mamma en Pappa hulle toegelaat het om sekere besluite

te neem, was die raad wat aan hulle gegee is voordat besluite geneem is, meestal korrek. Die seun wou 'n paar honderd dollar op "laetoon luidsprekers" vir sy motor spandeer. Sy pa het opgemerk dat hy sy hardverdiende kontant sou vermors, sy gehoor benadeel en geld op iets mors waarvoor hy gou moeg sou word. Na 'n paar maande het die seun aan sy pa erken dat hy die regte advies aan hom gegee het. Dit was 'n belangrike les. Vader het die beste geweet!

Geen blywende skade kom uit die toelaat van ouderdom-toepaslike keuses nie, solank as wat die ouers "voet by stuk hou". 'n Paar trane wat vroeg in die lewe gestort word, kan later in die lewe baie dinge voorkom. Te dikwels gee ouers toe en die kind leer nooit dat daar gevolge vir sy of haar besluite sal wees nie terwyl selfdisipline ook nie ontwikkel word nie.

### Oorsaak nommer 9: Ouerlike ontmoediging

Gedurende die afgelope 30 jaar is heelwat oor selfbeeld geskryf en op verskeie maniere is dit 'n gebrekkige konsep. Die idee is geopper dat as Jannie 'n lae selfbeeld het, hy sleg sal uitdraai, maar as ons "hom" 'n sterk selfbeeld gee, sal hy uitsonderlik vaar. Gelukkig het baie owerhede met reg hierdie ingesteldheid bevraagteken en van die foute daarvan uitgewys. Let op hierdie twee foute, om mee te begin:

Eerstens, wanneer ouers net aan Jannie vertel hoe

wonderlik hy is, beteken dit dat sy welsyn van hulle afhanklik is. Wat gebeur wanneer hy hom in die werklike wêreld bevind, waar ander mense dalk nie dink dat hy so spesiaal is nie? Wil ons werklik sy welsyn aan ander mense oorlaat?

Tweedens, wat hy van homself *dink* en wat hy *is*, mag dalk nie ooreenstem nie. Hy mag dalk *dink* dat hy spesiaal is of dat hy goed kan basketbal speel, omdat mense hom nie die waarheid wil vertel nie, maar as hy dink hy is gereed vir die hoërskoolspan, leef hy dalk in 'n droomwêreld. Ons sien dit al die tyd op televisie in talent-programme soos *Britain's Got Talent* of *American Idol*. Wanneer hulle nie die paal haal nie, sal sommige individue met die beoordelaars (wat eintlik iets weet) argumenteer dat hulle verkeerd is.

Hoe het hierdie selfbeeld dwaasheid dus in die eerste plek begin? Soos dr. Jeffrey Fall in sy verhandeling, *Suksesvolle ouerskap volgens God se riglyne* uitwys, is daar 'n balans tussen aanmoediging en aftakeling van 'n kind. Kinders **het** aanmoediging nodig, maar sommige ouers, veral vaders wat in moeiliker tye van oorlewing grootgeword het, is geneig om strenger en veeleisender teenoor hulle kinders te wees. Generasies van die Groot Depressie en die Tweede Wêreldoorlog wou weer hê dat hulle kinders beter daaraan moes toe wees, wat dus die pendulum in die ander rigting

geswaai het.

Daar is ook 'n ander realiteit aan die werk – veral vaders kan van nature oordrewe veeleisend wees. Daarom waarsku die apostel Paulus ons in Kolossense 3:21: "Vaders, moenie julle kinders terg nie, sodat hulle nie moedeloos word nie." Ook in Efésiërs 6:4: "En vaders, moenie julle kinders vertoorn nie, maar voed hulle op in die tug en vermaning van die Here."

Moenie **ooit** aan u kind vertel dat hy of sy vir niks goed is nie en moenie so 'n perfeksionis wees dat u kinders sal ophou probeer nie. Kinders is kinders. Dit is aanvaarbaar vir hulle om foute te maak terwyl hulle hope eerlike aanmoediging nodig het. Wanneer hulle goed doen, sê dit vir hulle, maar wanneer hulle verbrou of op die verkeerde spoor is wat betref hulle talente, bespreek dit eerlik en vol liefde op 'n gepaste tyd.

### Oorsaak nommer 10: Lae verwagtings

Sommige ouers sê vir hulle tieners: "Ek weet dat jy waarskynlik dronk sal word, dwelms sal uittoets, te vinnig sal ry of voor die huwelik seksueel betrokke sal raak". Ander ouers gaan so ver as om geboortebeperkingspille aan hulle dogters te gee. Hierdie soort advies kom dikwels van 'n ouer wat hierdie soort dinge gedoen het toe hulle nog jonk was en dus verwag dat alle tieners dieselfde sal doen. Dit is waar dat baie tieners hierdie foute begaan, maar nie almal nie. Daar is van

**Vervolg op bladsy 26**

# Dit is Londen wat roep Karakter en die Hertog van Edinburgh-toekenning

Deur R. D. Roberts

Verlede jaar het die Hertog van Edinburgh-toekennings (*DofE*) vir jong mense, sy 60ste jaar bereik. In al dié tyd het dit buitengewone sukses behaal en die wêreld se voorste jeugprestasie-toekenning geword. Intussen het die Hertog van Edinburgh, wat die stigter en beskermheer van die program is, op 96-jarige ouderdom sy uitrede uit openbare betrokkenheid aangekondig. Hy het 70 jaar van sy lewe aan openbare diens as die koningin se eggenoot en metgesel gewy. Hy verdien dit ryklik om 'n stiller lewe te lei. Daar word wyd erken dat die *DofE*-toekennings een van sy beste prestasies en 'n besondere nalatenskap is.

Kom ons kyk dus na die beginsels en meriete van hierdie voortreflike toekennings. Soos ons met baie van die onderwerpe doen wat ons hier by die Wêreld van Môre bespreek, probeer ons om dit in 'n veel hoër *geestelike* perspektief te plaas, wat deur die Bybel – wat die primêre handboek van die lewe is – onderrig word.

## 'n Model waarvolgens ons behoort te leef

Die *DofE*-toekennings is gebaseer op die beginsels van die uiters invloedryke Duitse opvoedkundige, Kurt Hahn, wat

dit in die kurrikulum van Gordonstoun-skool in Skotland opgeneem het – waar Prins Philip as 'n tiener skoolgegaan het. Hahn was bekommerd oor wat hy beskou het as sosiale verval en die agteruitgang van tieners en jong volwassenes op gebiede soos fisiese fiksheid, selfdisipline en volharding, medelye en diens, inisiatief en die gees van avontuur, nuuskierigheid en verbeelding.

Dus fokus die *DofE*-program op vyf elemente wat mekaar aanvul en ontwerp is om hierdie gebiede van agteruitgang om te keer. Dit is 1) vrywilligerswerk; 2) fisiese ontwikkeling; 3) vaardighedsontwikkeling; 4) onderneming van 'n ekspedisie; en 5) laastens, deelname aan 'n vyfdaagse kursus wat bygewoon behoort te word.

Die toekenningsprogram neem tussen een en vier jaar om te voltooi en word op drie deurlopende vlakke aangebied: Brons, silwer en goud, met ongeveer 300,000 deelnemers per jaar. Die toekennings het sedert hulle ontstaan meer as agt miljoen deelnemers wêreldwyd gelok. Die doel van die V.K. is om teen 2021 een miljoen meer jongmense (14 tot 24 jaar oud) deur die program te lei – 'n doelwit wat goed op dreef

is om bereik te word.

Die oorkoepelende doelwit van die toekennings is om tieners en jong volwassenes aan te moedig en te inspireer om hulle volle potensiaal te bereik deur 'n positiewe gevoel van verantwoordelikheid teenoor hulleself en hul gemeenskappe te ontwikkel, deur persoonlike grense uit te brei, nuwe vaardighede aan te leer, selfvertroue te ontwikkel en gesonde karakterontwikkeling aan te moedig.

Die Hertog van Edinburgh beskryf die toekennings as “'n model om te ontdek hoe die lewe is”. Prins Philip het een keer, met die opregtheid en openhartigheid waarvoor hy bekend is, gesê: “Kinders kom heeltemal onkundig die wêreld in en dít gee hulle 'n idee waaroor die lewe gaan”. Sy jongste seun, Prins Edward, die Graaf van Wessex, wat die ondervoorsitter van die *DofE* is, beskryf dit as 'n “doen-dit-self-toerusting vir grootword”.

In die V.K. help 1,800 organisasies om die 13,200 *DofE*-sentrusse te bestuur. Die positiewe effek is nie net tot die jong deelnemers beperk nie. Soos Prins Edward oor sy pa tydens die 2016 *DofE* gedenkdien van die 60ste herdenking opgemerk het: “U eie besorgdheid oor die welsyn van jong-

mense en begeerte om hulle ontwikkeling aan te moedig ... het gehelp om miljoene deelnemers, ouers, onderwysers, vrywillige organisasies, leiers, werkgewers, *DofE* leiers en mentors te bemagtig”.

Die *DofE*-toekennings is ook internasionaal en opereer as die *Duke of Edinburgh International Award Association* in meer as 140 lande en gebiede, hoofsaaklik in die voormalige Britse Gemenebes. Die Kongres-toekennings [*Congressional Awards*] is die onverbonde Amerikaanse ekwivalent van die *DofE*-toekennings en dateer uit 1979.

### Lewenslange voordele

Wat is die voordele daarvan om jongmense op hierdie manier uit te daag? Die *DofE*-webwerf som dit goed op: “Deur 'n reeks persoonlike uitdagings te stel en dit te bereik, verkry jongmense selfvertroue, demonstreer hulle betrokkenheid, spanwerk en leierskap en leer hulle onbeskryflike vaardighede soos aanpasbaarheid en dryfkrag wat noodsaaklik vir werk en lewe is. Nie net bied 'n toekenning oop deure vir universiteit en werkgeleentheid nie, maar die ervaring beïnvloed jongmense se geestelike en fisiese welsyn positief, 'n welkome ondersteuning vir die hantering van die druk van die dag”.

Een deelnemer se opmerking word op die *DofE*-

webwerf aangehaal: “Dit het my geleer dat die uitdagings en pyn waarmee mens te kampe het net tydelik is, die sukses en prestasie bly 'n leeftyd! My *DofE*-program het gehelp om die persoon te vorm wat ek vandag is. Ek kan nie eens dink wat ek vandag sou doen indien ek nie deelgeneem het nie. Ek sou nie die vriendskappe gehad het wat ek nou het nie, ek sou nie soveel sukses in my beroep behaal het nie en ek sou beslis nie so selfversekerd gewees het as wat ek vandag is nie”.

Hierdie getuienis is maar een van vele wat die positiewe karakterontwikkeling en lewenslange voordele erken wat tieners in staat stel om suksesvol na volwassenheid oor te skakel tydens toenemend uitdagende jare in die hedendaagse samelewing. Die Hertog sê self: “Die *DofE* het talle jongmense op hulle soms moeilike pad na volwassenheid gehelp”.

### Ewige Voordele

Die *DofE*-toekennings wat nou 60-jaar oud is, blyk baie goed te wees, aangesien hulle suksesvol is in hulle doelwitte om jongmense tot 'n beter volwasse lewe aan te moedig. Daar is egter 'n veel betekenisvoller en verreikender beloningsprogram beskikbaar aan diegene wat volwassenheid bereik het. Mens kan sê God het Sy eie “toekenningsprogram” vir almal wie Hy nooi om Hom te eer en te

gehoorsaam. *Hy* is die program se koninklike beskermheer! Hierdie toekennings word deur Jesus Christus bestuur, aan wie God alle uitvoerende magte oorgedra het (Matthéüs 28:18). Dit is 'n wêreldwye omvattende *geestelike* opleidingsprogram in goddelike karakter, waarvan die eienskappe dié van God Self is – veral goddelike liefde en diens aan ander (Matthéüs 20:25-28).

Net soos dit visie, moed en vertroue van jongmense verg om deel te neem aan die *DofE*-toekennings, verg dit dieselfde eienskappe en meer, om deel van God se “toekenningsprogram” te word. Dit is moeilik en veeleisend, maar die beloning is 'n goddelike karakter wat gebou word en hoe God dan daardie karakter kan gebruik in 'n glorieryke toekoms. Suksesvolle betrokkenheid in God se program lei verseker nou tot 'n beter lewe, maar dit strek ook veel verder. Dit lei tot die ewige lewe in die Koninkryk van God en bystand aan Jesus Christus wanneer Hy koning word oor die hele aarde. U “het ons konings en priesters vir onse God gemaak, en ons sal as konings op die aarde heers” (Openbaring 5:10). Indien u meer wil leer oor die ongelooflike beloning wat God aan u bied en waarheen dit alles lei, skryf gerus vir ons boeiende boekie, *U uiteindelijke Lotsbestemming*. **WvM**

**Verwittig ons asseblief onmiddellik van enige verandering in u posadres.**

# Vrae & Antwoorde

## Het God aan Petrus gesê om onrein diere te eet?

**VRAAG:** Gee God in Handeling 10:9-16 aan Christene toestemming om te eet wat voorheen as “onrein” diere beskou is (soos gedefinieer in Deuteronomium 14:3-21 en Levitikus 11:1-47)?

**ANTWOORD:** Wat was die doel van die visioen wat God aan die apostel Petrus gegee het? Het God aan hom getoon dat Hy nou die vleis “rein” gemaak het wat Hy vroeër as “onrein” verklaar het? Was daar dalk 'n ander doel vir hierdie visioen?

Een belangrike sleutel tot begrip van die Skrif is om gedeeltes binne konteks te ondersoek, wat die geskiedkundige omgewing sowel as die vertelling self betref. Die geskiedkundige opset van Handeling 10 is die Nuwe Testamentiese Kerk in die vroegste jare van sy bestaan. Die Apostels het begin om die groot opdrag uit te voer wat Jesus aan hulle gegee het, om dissipels van alle nasies te maak en om die Evangelie aan almal te verkondig (Matthéüs 28:18-20). Ten tye van Petrus se visioen was hierdie opdrag op die punt soos nog nooit tevore nie om na die heidene uit te reik.

Sedert die tyd van die uittoeg, baie eeue tevore, wou godsdienstig ingestelde Jode niks met heidene te doen hê nie. In teenstelling met die Jode was heidene nie besny nie. Heidene [nie-Jode] het nie die Geboie en insettinge van die God van Israel gehoorsaam nie en het die God van Israel nie aanbid nie. Heidene was as “onrein” beskou en die Jode wou nie met hulle assosieer nie.

Kyk nou na die konteks van Petrus se visioen. In Handeling 8 het God die Evangelis Filippus gelei om 'n Ethiopiese eunug [ontmande] wat 'n heiden was, te doop. Daarna volg 'n beskrywing van Saulus se bekering. Saulus, wat die Kerk vervolg het, sou Paulus, die Apostel vir die heidene word.

Daarna, in Handeling 10, is 'n visioen aan 'n heiden, met die naam Cornelius, gegee wat hom inspireer het om met Simon Petrus kontak te maak (Handeling 10:1-8). Petrus het daarna ook 'n visioen ontvang. Petrus het 'n groot laken gesien wat met rein sowel as onrein diere gevul was, wat uit die hemel neergelaat is. Hy is aangesê om hulle te slag en te eet. Dit het drie keer gebeur. Petrus het geprotesteer en gesê dat hy nog nooit iets onrein geëet het nie (verse 11-14). Hy het nie die visioen geïnterpreteer as dat hy nou die vleis van onrein diere kon eet nie; hy het eerder oor die betekenis van die visioen gewonder wat dit tog kon wees (verse 17-19).

Die betekenis van die visioen is duidelik

gemaak deur wat daarna gebeur het. Petrus het die mans wat deur Cornelius gestuur is as gaste ontvang en aan hulle oornag verblyf gegee (vers 23), waarna hy saam met hulle gereis het om Cornelius te sien. Hy het verduidelik dat hoewel dit teen die Joodse wet was om met heidene te meng, hy deur die visioen van die laken en diere die volgende verstaan het: “God het my getoon dat ek geen mens onheilig of onrein mag noem nie.... Ek sien waarlik dat God geen aannemer van die persoon is nie, maar dat in elke nasie die een wat Hom vrees en geregtigheid doen, Hom welgevallig is” (verse 28, 34-35).

Tydens hierdie besoek het Cornelius en dié in sy huishouding die Heilige Gees ontvang (vers 44). Petrus wat voorheen die heidene op 'n afstand gehou het, moes nou erken dat God werklik met heidene werk en het verstaan dat hy nou 'n verantwoordelikheid gehad het om heidene te doop.

Nuus van hierdie mylpaal het vinnig na die ander Apostels versprei, asook na die broeders in Judea. Dit was “groot nuus” dat die heidene ook die Woord van God aangeneem het (Handeling 11:1). Tog was daar vir 'n tyd lank nog geskille daaroor. Terwyl Petrus Jerusalem besoek het, het sommige mense hulle beswaar uitgespreek dat hy nie net met die onbesnede heidene geassosieer het nie – wat onder die Joodse wet as “onrein” beskou word – maar dat hy werklik saam met hulle geëet het. Petrus het daarna die visioen wat hy ontvang het aan sy kritici verduidelik en die gebeure wat daarop gevolg het, om die betekenis van die laken vol onrein diere te openbaar.

Petrus het afgesluit: “As God dan aan hulle dieselfde gawe gegee het soos aan ons wat in die Here Jesus Christus geglo het, wie was ek dan, dat ek God kon verhinder? En toe hulle dit hoor, het hulle geswyg en God verheerlik en gesê: So het God dan ook aan die heidene die bekering tot die lewe geskenk” (verse 17-18).

Dit was die rede en betekenis van die apostel Petrus se visioen. Dit was soos hy dit verstaan het. Sy begrip is hierna met die ander Christene gedeel wat sy beskrywing gehoor het van dit wat gebeur het. Die visioen het nié geopenbaar dat onrein diere nou as voedsel geëet mag word nie; dit het geopenbaar dat die heidene – wat vroeër deur die Jode as “onrein” beskou is – nou verlossing gegun is deur die God van Israel. **WVW**

# Keerpunte in

## Hoe Brittanje MAGTIG geword het

Baie mense veronderstel dat geskiedenis 'n vervelige onderwerp oor lankvergete name, datums, veldslae en plekke is. Die feite van die geskiedenis, wanneer dit deur die lens van Bybelse profesie beskou word, openbaar egter hoe die hand van God die loop van geskiedenis volgens 'n voorafbepaalde plan gelei het. Die Bybel verklaar uitdruklik God "... maak nasies groot en laat hulle omkom" (Job 12:23) en "Hy sit konings af en stel konings aan" (Daniël 2:21). Dit word duidelik geïllustreer in die merkwaardige opkoms van Engeland deur 'n reeks gebeurtenisse wat nie net die verloop van geskiedenis verander en die moderne wêreld gevorm het nie, maar ook talle antieke Bybelprofesieë vervul het.

### Spesifieke antieke profesieë

Die Ou Testament bevat 'n reeks spesifieke profesieë oor die toekomstige nasate van Abraham, Isak en Jakob, wie se twaalf seuns die voorvaders van die twaalf stamme van Israel geword het. Na afloop van die tydperke van ballingskap in Assirië en Babilon, het hierdie stamme na Noordwes-Europa en die Britse Eilande migreer, waar die "laastedag"-vervulling van hierdie profesieë sou plaasvind. Dit is geprofeteer dat

Abraham se nasate magtig sou word en 'n seën vir al die volke van die aarde sou wees (Génesis 12:1-3). Hulle sou vermenigvuldig soos die stof van die aarde en die sterre in die hemel (Génesis 13:16; 15:5) en "die poort van sy vyande in besit neem" (Génesis 22:17; 24:60). Jakob se twee kleinseuns, Manasse en Efraim sou onderskeidelik 'n "groot" nasie en 'n groot "menigte van nasies" word (sien Génesis 48:19-22). In die "laaste dae" sou die afstammeling van hierdie twee seuns – die seuns van Josef – oor die wêreld heen versprei as 'n nasie wat kolonies gestig het en hulle het hulle in die keurigste plekke van die aarde gevestig, maar sou van ander Israeliete in Noordwes-Europa geskei wees (Génesis 49:1, 22-26). Die geskiedenis van Engeland se merkwaardige opkoms tot 'n wêreldmoondheid, openbaar hoe hierdie antieke profesieë vervul is.

### Die opmars van die geskiedenis

Geskiedkundiges erken dat Westerse nasies die wêreld vir die afgelope 500 jaar oorheers het. Engeland se opkoms tot 'n moondheid het in ongeveer 1500 begin met Henry VIII wat van die Katolieke kerk in Rome weggebreek het en Engeland se koers in lyn gebring het met die

Protestantse Hervorming en die nuwe idees wat dit verteenwoordig het. Die nederlaag van die Spaanse Armada in 1588 het Philip II se poging om Engeland in te val en die Protestantse nasie in die Rooms-Katolieke skoot terug te bring, beëindig, terwyl die Engelse vloot aansien verwerf het. Hierdie kritieke seegeveg was 'n keerpunt in die geskiedenis, waar 80 Engelse skepe gesien het hoe die "onoorwinlike" 130-skip Armada meer as een derde van sy vaartue verloor – gedeeltelik as gevolg van onstuimige weer.

In 1759 het die Britse vloot weer met behulp van die weer, 'n Franse vloot in Quiberon Baai aan die Franse kus verwoes. Hulle het toe 'n inval in Engeland in die wiede gery wat deur Frankryk se koning Louis XV beplan was. Die jaar 1759 word die "Jaar van Wonderwerke" genoem as gevolg van die Engelse oorwinnings tydens die Sewejarige Oorlog, toe Engeland byna die hele Franse Kanada asook ander gebiede ingepalm het. In 1805 is 'n ander inval in Engeland gefnuik toe die Britse Admiraal Nelson 'n gesamentlike Franse en Spaanse vloot by Trafalgar aan die kus van Spanje verwoes en 22 van die 33 vyandige skepe gekelder het terwyl die Britte self niks verloor het nie. Napoleon se nederlaag by Waterloo in 1815



# wêreldgeskiedenis

deur die Britse Hertog van Wellington en sy Europese bondgenote het Engeland uiteindelik as 'n wêreldmoondheid laat uitstyg.

In die lig van hierdie merkwaardige oorwinnings, is dit die moeite werd om die profesie wat Moses oor die Israëliete opgeteken het, te onthou: “En julle sal jul vyande agtervolg, en hulle sal voor julle val deur die swaard. Vyf van julle sal honderd agtervolg, en honderd van julle sal tienduisend agtervolg; en julle vyande sal voor julle val deur die swaard” (Levitikus 26:7-8). Jare later het Winston Churchill met sy terugblik op hierdie en ander gebeure wat die opkoms van Engeland omring het, opgemerk: “Ek het 'n gevoel dat ons 'n Beskermheer het omdat ons 'n groot doel het en ons sal daardie Beskermheer hê solank as wat ons daardie doel getrou dien” (We Have a Guardian: Some Instances of Divine Intervention in British History, William Brooke Grant, bl. 3).

## 'n Wêreldwye Ryk

Gedurende die tydperk toe Engeland besig was om 'n wêreldwye vloot-oppergesag te vestig, het internasionale handel ook langs die seeroetes in die Atlantiese Oseaan ontwikkel. Terselfdertyd het die Russe, Sjinese en Arabiere aan die anderkant van die wêreld die “Sy

Roete” (Silk Road) vir verkeer vanaf die Weste gesluit. Die nasies langs die noordwestelike kus van Europa was geografies ideaal geskik om voordeel te trek uit hierdie keerpunt in die geskiedenis, maar Engeland wat op 'n eiland geleë is en van haar Israëlitiese neefs in Europa afgeskei is – was “die beste van almal geplaas” om voordeel te trek uit die ontluikende Atlantiese ekonomie (Ian Morris, *Why the West Rules – For now*, bl. 500).

Die vroeë 1800's het die Industriële Revolusie gebring. Hierdie groot verandering in die samelewing het om verskeie redes in Engeland begin: 'n Nasionale gees van vindingrykheid en innovering wat tot die ontwikkeling van stoomkrag gelei het; die plaaslike toegang tot steenkoolneerslae en die gebruik van smee-yster om masjiene vir fabriek te maak wat materiaal en wapens kon vervaardig. Dit het die Engelse in staat gestel om ekonomies voorspoedig te wees en hulle militêre mag oor die wêreld te vertoon. As gevolg hiervan het lone in Engeland gestyg, lewensverwagting het verleng en die groeiende bevolking het na ander dele van Engeland se uitbreidende wêreldwye Ryk migreer.

Op sy hoogtepunt het die Britse Ryk 'n kwart van die wêreld beset en daarvoor ge-

heers, die groot seepoorte van die wêreld beheer en die Engelse taal regoor die wêreld versprei, waar dit nou die amptelike taal van meer as 80 lande en gebiede is. Tydens die “Anglobilisatie” van die wêreld het Britse sendelinge en koloniale administrateurs, Bybels en Bybelse waardes van eerlikheid, doeltreffendheid, harde werk en opvoeding teweeggebring, asook medisyne, sanitasie, parlementêre regering, spoorweë en selfs krieket en sokker – wat die lewens en kulture van hele vastelande verander het. Soos die Britse geskiedkundige Niall Ferguson geskryf het: “Die wêreld wat ons vandag ken, is in 'n groot mate die produk van die Britse Ryk-tydperk” (*Empire: How Britain Made the Modern World*, bl. xxv).

Baie mense het al probeer om die verstommende sukses van die Britse Ryk te verklaar, waar 'n klein eilandjie daarin kon slaag om die wêreld te oorheers. Sommige mense spekuleer dat dit die gevolg van geografie, klimaat of hulpbronne was, terwyl ander bespiegel dat dit net geluk was – 'n blote toevalligheid. Die geskiedkundige Ian Morris beweer dat hierdie unieke gebeurtenis “nie duisende jare gelede vooraf bepaal is nie en ook nie die gevolg is van 'n toevallige sameloop van omstandighede nie” (Morris, bl. 25). Morris reken

die opkoms van die Weste en in besonder Engeland, was die gevolg van wette van biologie, sosiologie en geografie. Hierdie bespiegelende idees ignoreer egter die feit dat God spesifieke profesieë in die Bybel laat aanteken het met betrekking tot wat in die laaste dae met

Abraham se nageslag sou gebeur. Die geskiedkundige feite oor die opkoms van Engeland bevestig die geldigheid van antieke profesieë wat openbaar dat God 'n plan vir die seuns van Jakob gehad het. Engeland se wêreldryk het die verloop van die geskiedenis verander en

duidelik bewys dat “die allerhoogste God mag het oor die koningskap van die mens en daarvoor kan aanstel wie Hy wil” (Daniël 5:21).

—Douglas S. Winnail

## Wat lê voor vir Amerika en Brittanje, asook Suid-Afrika?

WvM

*Hierdie boekie bou voort op mnr. Armstrong se navorsing en dié van ander skrywers, om die leser nie slegs op die geskiedenis van die verlede te wys nie, maar na die geskiedenis wat vooruit geskryf is!*

Skryf in of skakel ons vir u eie gratis kopie van hierdie insiggewende boekie!

### Vervolg vanaf bladsy 20 – Waarom kinders die spoor byster raak

hulle wat nooit dronk word nie, nooit dwelms uittoets of seks voor die huwelik beoefen nie. Wanneer 'n ouer lae verwagtings te kenne gee, kom dit neer op toestemming.

'n Beter benadering is om u verwagtings, dat u kinders nie hierdie dinge sal doen nie, bekend te maak maar u tog sal besef dat hulle dit wel kan doen. Indien hulle dan 'n paar slegte besluite neem, laat hulle weet hoe teleurgesteld u is omdat hulle tekort geskied het aan die gesin se verwagtings. Indien die verwagting laag gestel word, mag kinders moontlik nie volgens hulle vermoëns presteer nie. Indien dit te hoog is, mag 'n kind dalk nie eers probeer nie. Daar behoort 'n balans in die

opvoeding van kinders te wees, maar minimale of lae verwagtings moedig mislukking aan.

#### Liefde is die slotsom

Al hierdie punte saamgevoeg, kom op een woord neer – *liefde*. Ons kommunikeer ons liefde aan ons kinders deur mense te wees na wie hulle kan opsien en respekteer. Ons leef konsekwent sonder skynheiligheid. Ons toon wysheid, behandel mense regverdig en is onselfsugtig. Ons toon ons liefde aan hulle deur tyd saam met hulle deur te bring. Ons betoon ons liefde wanneer ons tyd afstaan om hulle met ywer op die regte pad te lei en wanneer ons 'n voorbeeld van respek aan gesag stel. Ons demonstreer ons liefde

aan hulle wanneer ons as ouers ons geskille opsy skuif sodat ons hulle met 'n eensgesinde benadering kan grootmaak. Ons toon ons liefde wanneer dissipline regverdig toegepas word en volgens die oortreding met beginselvastheid. Ons wys ons liefde wanneer ons ons van ontmoedigende “kritiek” weerhou en eerder ons kinders deur eerlike aanmoediging opbou en hulle laat besef dat ons hoë, maar redelike verwagtings van hulle koester. Ons maai wat ons saai en as ons deur ons aksies liefde gesaai het, sal ons kinders opgroei volgens die weg wat hulle behoort te kies (Spreek 22:6)! **WvM**

**Vervolg vanaf bladsy 2 – Persoonlik**

die Tien Gebooe, word verwerp net soos die jaarlikse Heilige Dae wat deur Christus, Sy Apostels en die eerste-eeuse Christendom onderhou is. Die misleiding gaan egter veel dieper.

Dit is nie bloot 'n kwessie van die verkeerde dag of verkeerde Heilige Dae nie. Die ware Evangelie wat Christus gebring het, is met 'n ander evangelie vervang. Die ware Jesus Christus sou nie vandag herken word nie en daar is **heeltemal 'n ander gees** in moderne "Christendom" te vinde as dít wat in oorspronklike Christenskap was (2 Korinthiërs 11:4). Die heidense leerstelling van die onsterflike siel word byna universeel deur Christene aanvaar terwyl die Bybel ons nie so iets leer nie. Inteendeel, dit sê aan ons: "Want hierdie verganklike moet met onverganklikheid beklee word" (1 Korinthiërs 15:53). Hierdie vals onsterflike siel leerstelling is teenstrydig met Romeine 6:23: "Want die loon van die sonde is die dood, maar die genadegawe van God is die ewige lewe in Christus Jesus, onse Here." Ja, wat ons deur die sonde verdien, is die dood, **nie** ewige lewe in die helse vuur nie. Die ewige lewe is nie iets wat ons alreeds het nie, maar dis 'n "gawe van God" en daar is nog baie, baie meer.

**Verstaan** mense **dit**? Blykbaar nie! Die mense van Elia se tyd het dit nie begryp nie en mense van vandag is nie anders nie. Dit lyk of feite nie saak maak nie. Mense gaan voort om God op 'n manier te aanbid wat Hom mishaag, omdat hulle nie vir Sy Woord bewe nie. Die blote gedagte aan bewe vir Sy woord is vreemd en klink hardvogtig. Tog stel God ons deur Sy profeet Jesaja in kennis: "Maar op hierdie een sal Ek let: op hom wat arm is en verslae van gees, en wat bewe vir my woord ... so sal Ek ook hulle ongeluk verkies en wat hulle met skrik vervul, oor hulle laat kom; omdat Ek geroep en niemand geantwoord het nie, Ek spreek en hulle nie gehoor het nie; maar hulle het gedoen wat verkeerd is in my oë, en verkies wat My nie behaag nie" (Jesaja 66:2-4).

Mendelssohn plaas Elia en die dienaar van die koning in rolle as getuies teen die mense; en God het deur die eeue mense geroep om sulke rolle te vervul. Daar sal in die toekoms 'n dag kom wanneer twee individue deur God bemaagtig sal word om op wonderbaarlike maniere teen ons opstandige wêreld te getuig. Daar word in Openbaring 11 vertel: "En Ek sal aan my **twee getuies** gee dat hulle, met sakke bekleed, duisend-tweehonderd-en-sestig dae lank sal profeteer ... Hulle het mag om die hemel te sluit, sodat daar in die dae van hulle profesie geen reën val nie; en hulle het mag oor die waters, om dit in bloed te verander en om die aarde te tref met allerhande plaes so dikwels as hulle wil" (verse 3, 6).

Die rol wat hierdie twee persone sal speel, vergelyk met dié van die profete van ouds wat wonderwerke verrig het en die nasies gemaak het om hulle te bekeer. Ongelukkig herinner die verhaal van antieke Israel ons daaraan dat selfs in die teenwoordigheid van goddelike wonderwerke en vertoning van God se mag, baie mense hulle nie regtig sal bekeer en verander nie. Selfs wanneer hulle dit doen, keer hulle uiteindelik weer terug na ou, gemaklike en sondige gewoontes. Die geskiedenis boekstaaf dat dit beslis waar was van antieke Israel, wat keer op keer gewaarsku is oor die gevolge van hulle keuses, maar nooit die geheelbeeld gesien het nie.

Net soos antieke Israel dit nie *verstaan* het nie, *begryp* mense dit ook nie vandag nie! Sommige mense word mislei om in ateïstiese evolusie te glo. Andere het in nie-Christelike kulture grootgeword. Diegene wat egter grootgeword het in wat hulle **glo** Bybelgebaseerde godsdienste is, is ook mislei. Hulle is mislei om te dink dat hulle heidense leerstellings en gebruike met dié van die Bybel kan vermeng. God is vandag nie meer tevrede as wat Hy was toe Agab en Isébel die aanbidding van Baäl met dié van die ware God vermeng het nie.

Dit berus werklik by **u**. Indien daar lewe na

Onthou asseblief om in te skakel op  
***Tomorrow's World*** TV-program van  
 11:00 tot 11:30 v.m. op Sondag-oggende,  
**kanaal 263** op DStv.

die dood is, maak die keuses wat u nou maak wel saak. Dit maak weliswaar nie saak wat u buurman doen nie. *Begryp u dit?* Indien wel, wat doen u daaromtrent? Sal u voortgaan om "Baäl-aanbidding" met die aanbidding van die ware God te vermeng of het u die moed om u lewe te verander en ander mense te vind wat nie die knie voor Baäl buig nie? Indien u belangstel in 'n

ontmoeting met sulke mense, kontak ons asseblief by u naaste streekkantoor, soos op bladsy 2 van hierdie tydskrif aangedui word.



## **Wêreld van Môre**

# **Bybelstudiekursus**

**Skryf gerus vandag reeds in om hierdie insiggewende Bybelstudiehulpmiddel te ontvang!  
 Dit sal u Bybelkennis grootliks aanvul en u met nuwe oë na die lewe laat kyk.**

**Skryf aan: Lewende Kerk van God  
 Privaatsak X 3016  
 Harrismith, FS  
 9880**

**of skakel : 058 622 1424  
 en meld dat u navraag doen  
 oor die "Wêreld van Môre" Bybelstudiekursus**